

BUILT

April 2004 Jaargang 52, nr.1

UV het gegroei uit
beskeie begin

Eeufees skop af



Universiteit van die Vrystaat
University of the Free State
Yunivesithi Ya Freistata



Nuustydskrif van die Universiteit van die Vrystaat
News magazine of the University of the Free State



Trinity fetish: figure (2002), zinc etching with blind embossing, 1575 x 850 mm

VICTOR, Diane

Over the past decade Diane Victor has established herself as one of South Africa's leading graphic (print making) artists, a master of technique and an outstanding social commentator.

From the prize-winning *Fetish Triptych* entered in the 1st *Sasol Wax in Art* competition held at the Sasolburg WAM! (wax, arts and music) Festival in 2002, the UFS acquired the central panel ("Figure").

In the WAM! Catalogue Victor states: "...the medium offers a range of visual effects that are quite specific and impossible to obtain through other processes. My current focus has been in the contrast obtained between the intense

black of the mezzotint and the subtle thrown shadow of the blind embossing. How the surface of the print can be extended and manipulated, and in finding how far one can push this contrast of surface, has been what spurred me on to make this work."

Her virtuoso drawings and etching are powerful visual statements, aggressive in theme and execution, unrelentingly dealing with lapses in moral integrity and depravity. In this panel the sexual is not as explicit as in some of her earlier works, but as forceful.

Like the embossing, one is invited to discover fetishistic signs, symbols and significance.

By Arie Kuijers (Curator, Johannes Stegmann Art Gallery, UFS)



Redakteur / Editor:

Leatitia Pienaar

Tel: +27 51 401 9188

Faks / fax: +27 051 430 8397

Pienaar.stg@mail.uovs.ac.za

UV-webblad / UFS Website:

www.uovs.ac.za

Produksie / Production

Uitleg/ Design

Chrysalis Advertising and Publishing, Bloemfontein

Drukwerk / Printing

Beith Digital, Sandton

Bult, nuustydskrif van die Universiteit van die Vrystaat, word uitgegee deur die Afdeling: Strategiese Kommunikasie aan die UV. Menings wat in die publikasie gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die Redakteur, die Afdeling of die UV nie. *Bult* word onder oudstudente, donateurs, sake- en regeringsleiers, meningsvormers en Kovskye-vriende versprei. Artikels mag met die nodige erkenning elders gebruik word. Rig navrae hieroor aan die Redakteur.

Bult, news magazine of the University of the Free State, is published by the Department: Strategic Communications at the UFS. Opinions expressed in the publication are not necessarily those of the Editor, the Department or the UFS. *Bult* is sent to alumni, donors, business and government leaders, opinion formers and Kovskye friends. Articles can be published elsewhere, with the necessary acknowledgement. Contact the Editor in this regard.

Adresveranderinge / Address changes

Stuur besonderhede aan / Send details to:

Dawid Kriel

Posbus / P O Box 2319

Bloemfontein 9300

Tel: +27 51 401 3409

Faks / fax: +27 51 430 8370

Dawid.stg@mail.uovs.ac.za

BULT

inhoud

April 2004 Jaargang 52 nr 1

Nuus/News

- 6 We owe it to the Free State and South Africa to be a robust university, says Rector
- 8 UV het gegroei uit beskeie begin
- 10 So skop die fees af
- 18 Kompleks bring nuwe lewe in hart van die kampus
- 20 Personeel se welstand moet aandag kry, sê Teuns
- 21 Magda Fourie wil daardie verskil maak
- 22 Universiteite kan positiewe omgewing help skep, sê Moraka
- 23 Military strikes could be counter-productive
- 24 University reinvented
- 26 Parasitology research opened doors for Qwaqwa student in Japan
- 27 Kovsiesport het verlede jaar 'n legende gegroet

Monitor

- 28 Archive well known overseas
- 29 Recognition for UFS Research Head

Stigting/Foundation

- 32 Corporate Liaison Office turns over a new leaf
- 34 Trusted friend of the university becomes patron of fund

Alumni

- 36 Die nuwe Alumnibestuur
- 38 Oud-Kovskyes op glansgeleenheid vereer
- 39 Baie oud-Kovskyes het saam gekuier

Rubriek/COLUMNS

- 2 Briefe en Soekhoekie
- 30 In memoriam
- 40 Blou Willem

Voorbladfoto

'n Feestelike eeufeesjaar het in Januarie afgeskop. Lees meer hieroor op bladsy 6-17. Foto: Hannes Pieterse





Watter plesier en voorreg is dit om huis in hierdie tyd deel van die Universiteit van die Vrystaat te wees nie – hetsy as een van die duisende studente, of as personeellid!

Die kampus lyk pragtig. Wandelane, tuine, nuwe geboue en ou geboue wat opgekikker is (en word) gee sommer nuwe skoonheid aan die kampus wat hierdie jaar al honderd somers agter die rug het. 'n Mens sou nooit haar ouerdom kon raai as jy so op die kampus wandel nie, want jy bly telkens verras oor die mate waartoe argitekte daarin geslaag het om nuwe lewe aan die ou dame te gee.

Die Eeu feesjaar vanjaar het afgeskop met luisterryke geleenthede, waarvan die eerste die koek-en-muisiek-konsertgeleenthed met die amptelike verjaarsdag op 28 Januarie was. Dit is gevvolg met 'n toewydingsfees op Sondag 1 Februarie en 'n historiese optog vanaf die UV se geboorteleplek, Grey Kollege, op Vrydag 6 Februarie met die amptelike opening van die universiteit. Ons gee op bladsye 6 tot 17 net so 'n vinnige blik op daardie geleenthede.

Die fees is nie iets van die verlede nie. Ons hou julle ingelig. Maak 'n plan om vanjaar 'n draai op kampus te maak, veral met die Alumni-fees en die internasionale kongres in Oktober.

Groete tot volgende keer

heatin' Penas

'Mag die volgende eeu net sulke skouspelagtige bydraes lewer'

Prof. Stef Coetze, voormalige Rektor en Visekanselier van die UV, en sy vrou, Rinie, skryf uit Durbanville:

Dit is 'n behoefte van die hart om die UV van harte geluk te wens met sy eeuwording.

Daar is geen twyfel dat die dapperdaad van Johannes Bril in 1904 verreikende gevolge sou hê nie. Nasionaal en internasionaal sou dit weerklank vind soos die UV vanuit beskeie wortels ontwikkel het.

Oor die afgelope eeu het die UV 'n onskatbare bydrae gelewer tot die wetenskap, tegnologie, die ekonomiese, onderwys, die gemeenskap en die ontwikkeling van 'n kundige werksmag in die Vrystaat en die land.

Die groei en ontwikkeling tot 'n volhoubare instelling het nie sonder diepgaande gebeurtenisse gepaard gegaan nie. Die stittingsfase na 1904; die taalstryd van die dertigerjare; onafhanklikwording in 1950 en uiteindelik die transformasie van die jare negentig is bekende bakens op die pad.

Dat die UV nou een van Suid-Afrika se sterkste universiteite is, spreek boekdele vir die geloof en volharding van almal wat by hierdie bouproses betrokke was.

Die proses het ons ook nederig gehou soos toe ons tydens die begin van die transformasiefase ons foute van die verlede erken het en begin het om dit reg te maak. Vandag word daar egter nasionaal en internasionaal gepraat van die voorbeeld wat die UV met herposisionering gestel het en steeds doen.

Dat dit alles met behoud van gehalte kon geskied is merkwaardig.

Dat ons 'n beskeie bydrae tot bogenoemde ontwikkelingsproseses van die UV kon maak, was 'n ontsaglike voorreg.

Ek en Rinie wil dus by die geleenheid vir julle sê: "Hartlik geluk met die eeuwording! Mag die volgende eeu net sulke skouspelagtige bydraes lewer as die een wat verby is. Mag julle almal as die goeie mense van die UV en die Vrystaat ryklike seën in die eeufeesjaar ontvang."

UV se webblad 'uiters gebruikervriendelik'

Janie Jansen skryf uit Nieu-Seeland:

Ek vind die UV-webblad uiters gebruikervriendelik. Mag ek vra watter sagteware julle gebruik om dit op te stel?

Ek het "huistoe" verlang en bietjie by die universiteit "gekuier" – op julle webblad.

What about a Kovsky world map?

Steve Lynch, ESRI, Product Specialist, Team Spatial Analyst, (909)793-2852x1182, writes:

I agree with *Bult bring genot in Skotland* (*Bult September 2003*) as I enjoy reading it in Redlands, California.

Seeing that I work for the largest GIS company in the world, I think that it would also be a great idea to have a world map with little dots depicting the location of all the "old boys" and "old girls".

UFS could also use it in a marketing brochure. I was a student 1976-1982.

Editor: Good idea. We will look into it.

Dit was lekker leesstof

Dr. N.A.J. van Rensburg, prokureur van Posbus 914-409, Wingatepark 0153, skryf:

Graag wil ek eers baie dankie sê vir weer 'n puik en interessante Desemberuitgawe van *Bult*. Soos in die verlede geniet ek dit altyd om te lees wat by die ou Alma Mater aan die gang is. En soms besef ek dat ek seker ook ou bene begin maak as ek terug dink aan die dae toe prof. Frederick Fourie sommer nog so 'n seuntjie was toe ek die Latyn-onnie by Grey Kollege was.

Lucy (98) baie trots op die UV

Mev. Lucy van Niekerk (neé Mason) van Eldorado 412, Southernwood, Oos-Londen 5201, skryf:

Ek is 'n trots oud-Kovsie; trots op my Alma Mater wat deur die jare heen uitstekende diens aan die gemeenskap in Suid-Afrika gelewer het.

Ek was student, woonagtig in Huis Pres. Steyn, gedurende die jare 1924 tot 1927. Vir twee jaar was ek lid van die Studenteverteenwoordigende Raad (SVR). Mededele was Kaalkop van der Merwe, Regter Smit, Abel Kotzé, Skakel Kriek en Kitty Lund.

Ek sien daarna uit om besonderhede omtrent die vieringe van die honderdjarige bestaan van die universiteit te bekom. Ek stel baie belang, hoewel ek nie die geleenthede sal kan bywoon nie. My hoë ouerdom – 98 jaar – laat my nie meer toe om rond te reis nie. Ek sien dus uit na die jongste uitgawe van *Bult* wat die gewenste inligting seker sal aanbied.

Mag die UV steeds die koers van volharding en toewyding en idealisme volhou!

Redakteur: *Ek kon nie anders as om te bel en met die Engelssprekende dame, wat die pragtige brief in Afrikaans geskryf het, te praat nie. In haar tyd was daar 500 studente op kampus. Sy was 'n onderwyseres en getroud met 'n landdros, wie se werk hulle na die uithoek van Suid-Afrika en ook na Namibië geneem het. Sy het belowe om in haar volgende brief meer van haar wedervaringe op die kampus te vertel.*

Die Universiteit se taalbeleid

Jan Houtman van Pheifferbuorren 11, 9133 MC Anjum, Nederland, skryf:

Dit is met afgryse dat ek kennis neem van die Universiteit se taalbeleid. Ek woon tans in Nederland in die provinsie Friesland waar die stryd vir die behoud en uitbreiding van die Friese taal steeds fel aan die gang is. Naas Nederlands is Fries die enigste ander taal in Nederland naast 'n magdom van dealekte.

Ek kan nog elke aand bybel in Afrikaans lees, en ek besef dan hoe waardevol ons taal is. Maar alles wat "Afrikaans" is "moet" weg. Afrikaans is op uitverkoping, en die Afrikaanse Universiteite gee hom weg as geskenk. Die Oranje Vrystaat was die Afrikaanse provinsie en Bloemfontein die Afrikaner "hoofstad" van Suid Afrika, maar dit sal nie lank meer so wees nie, en dan moet julle nie wonder hoe dit gebeur het dat Afrikaans verdwyn het nie. Kyk wie die weggee gedoen het, dit is Afrikaanse mense. In die new age era waar alles en almal sogenaamd "gelyk" geag word, kom my taal en my mense in die gedrang omdat alles gedeel moet word en alles moet verander. Ander Universiteite het reeds aangekondig dat Afrikaans daar moet verdwyn. Het ons voorfaders nie jare geveg sodat ons die bybel in Afrikaans kon

lees nie, na 'n Afrikaanse skool en Universiteit kon gaan nie? Na vyf jaar hier in die buitenland, lag, huil en leef ek steeds in Afrikaans. En as jy my heeltemal trots wil sien, dan moet jy my sien as 'n Nederlander vir my sê "wat 'n mooi taaltje heb jij". En dit is ook so, Afrikaans bly die mooiste taal.

Is daar so weinig van ons Afrikaners oor, of gaan die weggee so lekker dat niemand meer kyk wat weg gegee word nie. Ek hoor graag as daar meer van julle is wat van Afrikaans hou.

Almal wat Afrikaans praat is nie Afrikaner nie, maar dit hoef ook nie.

Hierdie is weer 'n slap riem om Afrikaans weg te kry. Volgende sal gesê word dat die meerderheid op kampus anderstalig is, en daarom het dit sin gemaak om Afrikaans heeltemal weg te neem. Hiermee wil ek in iedergaval die Rektor en die Universiteits raad bedank vir hulle mooi en groot bydrae tot die verdwyning van Afrikaans, my geliefde moedertaal. Stom en in verwondering sal ons terug kyk op die dag en wonder.

Redakteur: *Brief onveranderd geplaas.*

Bult ook gelees in 'koudste plek op aarde'

Wouter de Bruin, wdebruin@shaw.ca, skryf uit Kanada:

Baie dankie vir die Desember 2003-uitgawe van *Bult* wat ons ontvang het. Dit is altyd wonderlik om te lees wat daar in Kovsieland aangaan.

Tans is dit hier snerpend koud by ons. Gister was ons temperatuur -38°C met 'n aanvoelbare temperatuur van -51°C, as die "wind-chill" in aanmerking geneem word. Volgens die plaaslike weerkantoor was dit die koudste plek op aarde!

So sal ons Jaco onthou, sê pa Jan

**Jan Pretorius, van mwbpa@iafrica.com
(tel 011 793 4228), skryf:**

Dankie vir die pragtige uitgawes van die *Bult*. Dit bly altyd 'n hoogtepunt om weer 'n bietjie nuus te ontvang en om studentedae te onthou.

Ek het Argitektuur geswot in die sewentigs en in 1974 klaargemaak. Van toe af is ek in Johannesburg en hou my steeds besig met my groot liefde, Argitektuur. Dis nou naas my ander groot liefde met wie ek al in my Kovskye-jare getroud is. My dogter Annemie het ook aan Kovsies Argitektuur geswot, in 1994 klaargemaak, en werk tans as argitek in Ierland.

Dit bring my by die eintlike rede vir die brief. Ons seun Jaco Pretorius, wat aan Kovsies musiek gestudeer het, in die koor gesing het en in 1998 klaargemaak het, is in Januarie vanjaar oorlede nadat hy 'n bromfietsongeluk gehad het. Jaco het vir 'n jaar skoolgehou by die Kunste-akademie in Lady Grey, en was daarna betrokke by JCE in Johannesburg se musiekdepartement as dosent, en het ook klas gegee by 'n privaatkool in Sandton. Hy het ook sy eie musiekskool, naamlik JPMusiek, gehad met 'n aantal privaatleerlinge. Sy lewe het bestaan uit musiek en hy was 'n lid van die Pro-musika-operakoor waar hy soms solorolle gekry het, asook die Cantate Kamerkoor. Sondae was hy orrelis by Noordrand-gemeente.

In sy kort 27 jaar het hy nogal 'n merk gemaak in die musiekwêreld en hy was juis op pad vir sy eerste dag by 'n nuwe werk by die Johannesburg Philharmoniese Orkes toe die ongeluk plaasgevind het.

Ons ken nie al sy oud-Kovsievriende nie en het daarom gedink dat 'n brief in *Bult* dalk by sommige van hulle sal uitkom.

Soekhoekie

Wynand soek B.Com-studente

Wynand (W.J.) Coertzen van Gordonstraat 50, Koffiefontein 9986, soek B.Com-studente wat vanaf 1961 tot 1963 aan die UV geswot het met die oog op 'n reünie vanjaar. Kontak hom by 053 205 0419 of 083 320 2929.

Eddie Mathews wil van julle hoor

Eddie Mathews, Raadgewende Geoloog van Posbus 1135, Lichtenburg 2740, tel 081 632 2 765, skryf:

Ek was 'n inwoner van Vishuis in die jare 1951 tot 1954. Ek sal baie graag wil hoor van oudstudente wat saam met my geswot het gedurende hierdie tydperk. Hulle kan my gerus kontak.

Laat die name instroom, vra Dawid

Beste oud-Kovsies

Ek kry gereeld navrae vanaf oud-Kovsies oor of ons *Bult* ook na die buiteland stuur en wat dit kos. Wel, die goeie nuus is dat ons *Bult* nog steeds vry, gratis en verniet na alle oud-Kovsies in die buiteland stuur. Dit neem net 'n bietjie langer (ses tot agt weke), maar ek is seker dit is die wag werd.

Tans het ons op ons databasis 446 oud-Kovsies in 31 lande (SA en Namibië uitgesluit). Die grootste persentasie hiervan is in die Verenigde Koninkryk (32%), in die VSA en Kanada is 10% elk met 9% in Lesotho. Australië huisves 8% van ons buitelandse oud-Kovsies en Nieu-Seeland 7%. Aan die onderpunt van die skaal is daar in die volgende

lande elk 0,22% van ons oud-Kovsies oftewel een oud-Kovskye per land: Denemarke, Frankryk, Griekeland, Japan, Malawi, Mosambiek, Noord-Ierland, Noorse, Rusland, die Slowaakse Republiek, Turkye en Uganda.

Indien julle van enige ander oud-Kovsies in die buiteland weet wat nie die *Bult* ontvang nie, vra hulle asseblief om my, Dawid Kriel, te kontak op een van die volgende maniere:

**Posadres: Posbus 2319,
Bloemfontein, 9300.**


E-pos:
dawid.stg@mail.uovs.ac.za of
alumni@mail.uovs.ac.za

Tel: +27 51 401 3409

Faks: + 27 51 430 8370

Webadres:
<http://kiewiet.uovs.ac.za/prb/alumni/adres/alumnivorm.asp>

Kovsiegroete
Dawid



Net 'n student kan dit so stel...

Ons begin vandag met uittreksels uit Smaail Prof, oor studentepret uit die boonste rakke, wat in 2000 deur prof. Teuns Verschoor, nou viserektor en daardie tyd studentedekaan, uitgegee is:

In die voorwoord sê hy daar was skrikwekkende vergaderings: "Selfmoord deur 'n inwoner en sterftes deur motorongelukke. Kort na my aanstelling in 1982 as koshuis hoof ook 'n baie rumoerige ramparty: 'n Bierbeker vol wyn wat ek moes "down" en eers van verskoon is nadat ek beduie het dat ek na my oupa aan moederskant aard en dat dié altyd begin huil het as hy dronk was en dat hulle seker die dit van my verwag nie. En in 1983 toe die

koshuis in twee maande drie keer voedselvergiftiging opgedoen het. Ek was toe nog maar ses maande koshuis hoof en reeds drie keer saam met die manne deur dik en dun. Die toiletpapier was al 3 uur vanoggend op, Prof kan gaan kyk, die telefoonboeke se blaarie is tot by Zastron uitgeskeur."

En ook: G.P.: "Tannie Ingrid, het tan nie nie vir my 'n besem nie, ons wil die ateljee uitvee."

Tannie Ingrid ongeduldig: "Nee, waar moet ek nou 'n besem kry? Ek hou nie besems hier aan nie!"

G.P.: "O, het tannie vandag met die motor werk toe gekom?"

'Motordief' op heterdaad betrapp

Johan Botha (81) van Pretoria deel nog van sy herinneringe as aandstudent in die vyftigerjare:

In 1953 het ek saans na die Bult gery met so 'n tweekleur Fleetline Chev van 1949, wat ek splinternuut gekoop het vir £550 wat ek gespaar het met ses jaar se koshuisinwoning en diens in Bethulie – waar ek onderwys gegee het aan die Pellisier Hoër- en Laerskool.

Ek het opgemerk dat prof. Verloren van Themaat van die Regsfakulteit 'n identiese motor gehad het. Een aand toe ek uit my laaste lesing stap, was ek net betyds om te sien hoe iemand met my motor in trurat wegtrek.

Ek storm op hom af en stop hom net betyds en tot my verbasing klim die prof agter die stuurwiel uit en wil weet wat met my aangaan. Ek wys hom toe daartop dat sy motor net drie voertuie verder geparkeer is.

Ons stel toe tot ons verbassing vas dat ons twee voertuie se sleutels perfek op mekaar pas.

Ek twyfel of dit vandag nog gebeur dat voetuie van dieselfde fabrikaat se sleutels op mekaar pas.

Dit was so amper of die proffie het met my motor weggery terwyl hy syne daar gelos het. Met so 'n ruiling sou ek die slegste daaraan toe gewees het, want syne het baie meer myle op die klok gehad.

Redakteur: Johan, dit gebeur nog. Ek het self so 'n nare ervaring met by broer se motor gehad – ek was die een wat die ander motor aan die gang gekry het. Van die intreevlak-motors se sleutels pas ook op mekaar, en party diewe weet dit...

We owe it to the Free State a robust university,

“We owe it to the Free State and its people, and to South Africa in general, to be a robust, leading university that will go from strength to strength in the future,” Prof. Frederick Fourie, Rector and Vice-Chancellor of the University of the Free State, said at the centenary opening of the UFS on 6 February 2004.

The extraordinary opening on the “Rooiplein” in front of the main building followed a colourful and historic *long walk* from Grey College – the birthplace of the UFS a century ago. Thousands of staff, students, alumni, friends and Grey boys took part. The walk was a moment to reflect on the development of the UFS

amidst a poor disadvantaged white community a century ago, into the vibrant, mature institution that it is now.

Prof. Fourie said: “If we want the UFS to continue to be a very good university, and to continue to grow and become a great university, we must work hard to ensure that it is a robust university in all respects. It must first of all be *academically robust* with high quality academic staff, good intellectual and disciplinary depth, low vulnerability to staff turnover, high research integrity and research depth. There must be a never-ending quest for quality.

“Innovation is the key to the quest for quality: innovation in teaching, innovation in research, always pushing the frontiers of knowledge, always doing new things.

“There must be an unwavering commitment to independent thought and critical reflection, a true ingrained habit of intellectual independence, which is the hallmark of an excellent university (and academic freedom).

“Our task is to promote and teach critical inquiry, understanding and research. Not the soft understanding that glides over questions of right and wrong, but the hard-won comprehension that comes from deep and critical inquiry and a relentless pursuit of a better understanding and a deeper grasp of issues.”

He said the UFS must furthermore be *managerially and administratively robust* with high quality support and management staff and processes with systems integrity, ingrained profes-


alism and an unwavering service culture.

“We must also be *financially robust* with sound financial management, sufficient reserves to absorb shocks, sound investment in the core business, and sound remuneration and staff practices. The financial turn-around strategy proved to be a remarkable success. The new challenge is to optimise our functioning amidst a new and complicated funding framework which tries to contain government funding of higher education and frowns upon growth and initiatives such as distance learning and e-learning.

“Luckily we now also have a much more modern, efficient, strategically-targeted and stream-lined budgeting and financial management system,” he said.

“The UFS must also be *robust in its handling of diversity and equity* – attaining sound relations between diverse groups, strong commitments to live in mutual respect, and strong common values to underpin a diverse workplace and student community. To be strong we need a firm consensus on what kind of university community we want to be. The project on institutional culture, the so called UFS ‘social contract’ project, is a key element in attaining this solid consensus and social robustness.

“This also is a task for the students: You are the generation that will shape the emerging new South African society. Use the opportunities offered by this campus to engage with your fellow student from a different economic, cultural or language background.



and South Africa to be says Rector

Shape the values of your own future society. Talk about it. Analyse it. The quest for justice is never-ending, a real journey to find those values that we all should live by."


He said the UFS must be *robust in its regional engagement*, playing a strong leadership role to meet the needs of a poor and developing society. It must vigorously play its role as an engaged university. In this way it would build a solid understanding within that society of the intrinsic nature of the university as well as the proper role that a university can play in a developing society. This would prevent improper demands on the university, which could otherwise distort its functioning.

"In this, the Qwaqwa and Vista campuses, together with other initiatives, present enormous possibilities, especially in partnership with other institutions like Central University of Technology, Free State, the Provincial Government, the Mangaung Municipality, and other local governments."

Prof. Fourie also said the UFS must be *robust in its national and international role*. It must have a vibrant outward thrust, projecting its expertise in niche areas into the national scientific, industrial and policy arenas. We boldly must meet competition from other universities in this respect. This can be done with leadership in several areas: science and scholarship; community service; academic and management innovation; financial management; transformation; and nation-building and diversity management.

"To summarise: Robustness requires the UFS to be sustainable not just financially, but also academically and administratively, in its diversity and equity, in its regional engagement, and in its national and international leadership. These are the building blocks of a true, strong, mature, outward thrust, leading university in South Africa and in Africa. Our biggest task and service to society is to ensure that we are such a university in 10, 25 and 50 years' time."

UFS celebrates financial sustainability, end of turn-around strategy



Prof Frederick Fourie

Prof. Frederick Fourie, Rector, said at the opening that the financial turn-around strategy is history now. The target year for the original R60 million turnaround in the UFS budget was 2004. All the major goals have been reached in half the time, and financial sustainability goals achieved:

- The R60 million target was reached within 18 months, R105 million by 2003, and R115 million by 2004.
- Due to these annual results cumulatively R380 million extra funds became available for strategic investment in facilities, equipment and staff since the launch of the Strategy. The results of these investments are increasingly visible on the campus.
- Staff remuneration and benefits were pushed up by more than

an extra R50 million in the past 3 years

- The average remuneration level of UFS staff has been increased by 37,6% since 2000, while the cost of living (as measured by the CPI) only increased by 22,1%, thus significantly addressing backlogs that developed in the 1990s.
- The spending pattern in the budget has been successfully restructured, achieving a healthy balance between expenditure items. This includes sufficient funding for previously underfunded items such as capital and physical resources, library and IT resources, and so forth.
- Spending discipline has also been achieved, with staff expenditure as well as operational spending in all faculties and divisions kept below expenditure ceilings as determined during the budget process.

UV het gegroei uit beskeie begin

Die UV het op 28 Januarie 1904 'n beskeie begin gehad, met ses studente wat by die destydse Grey Universiteitskollege (GUK) ingeskryf het. Vandag het dié universiteit hier in die hart van die Vrystaat en van Suid-Afrika meer as 23 000 studente, waarvan baie uit Afrika en ander dele van die wêreld.

'n Tema wat in die UV se geskiedenis deurgetrek kan word, is die van vasberadenheid om sonder groot steun van buite deur moeilike tye te kom en voortdurend te bou aan 'n altyd beter universiteit. Daarnaas was daar deurgaans finansiële stryd te midde van die armoede in die Vrystaat gemeenskap waaruit hy sy ontstaan gehad het. Na relatief maklike finansiële tye in die 1950s tot vroeë 1970s, het finansies weer toenemend begin "druk" sedert die 1980s. Die finansiële knyptang waarin die UV toe vasgevang is, het eers begin lig met die hoogs-suksesvolle finansiële draaistrategie wat in 2000 ingestel is en waarvan die resultate vandag in die vorm van die uitbreiding van die personeelkorps en die verbetering van hul vergoeding, verbetering van akademiese fasilitete en toerusting, die pragtige studentesentrum – Thakaneng-brug – die wandellane en in die omskepping van die eertydse Reitz-eetsaal in die Eeufeeskopleks gesien word. Dit skep 'n nuwe era van groei en verdieping as universiteit.

Eerste kwarteeu: stigting en kwesbare eerste jare, (1904 - 1927)

- Die UV kom in 1904 tot stand met die ses studente wat ingeskryf het vir 'n B.A.-graad toegeken deur die University of the Cape of Good Hope.
- Die vakke was Latyn, Grieks, Nederlands, Duits, Engels, Filosofie, Geskiedenis, Wiskunde, Fisika, Skeikunde (Chemie), Plant- en Dierkunde.

Eerste Universiteitsgebou

In hierdie gebou, wat oorspronklik in St. Georgestraat geleë was, is in 1904 met die stigting van die Grey Universiteitskollege (voorganger van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat) vir die eerste keer lesings deur die Rektor, Johannes. Brill, aan ses B.A.-studente aangebied. Die gebou is tot 1908 as lesinglokaal en daarna as pakkamer gebruik. Dit is in 1975 op die kampus met dieselfde boumateriaal heropgerig.



- Natuurwetenskappe kom in 1918 as aparte fakulteit tot stand.
- Die hoeksteenlegging van die Hoofgebou vind op 19 Desember 1907 plaas.
- Die nuwe geboue word in 1909 betrek en die dameskoshuis, Huis Pres Steyn, in 1919.
- Teen 1920 het die universiteit steeds slegs 100 studente gehad.
- Die Reitsaalkompleks verrys.
- Aandlesings word ingebring om werkende studente te help, taalvaardighedskursusse, asook oorbruggingskursusse in Wiskunde en Wetenskap word ingestel.
- Teen 1927 is daar al 420 studente, veral na besondere bemarkingswerk van die rektor, ds. J.D. Kestell. Hy het ook suksesvol fondsinamelingsveldtogene geloods.
- Armoede onder studente voer steeds hoogty. Die eerste mylpale van kritiese massa en volhoubaarheid is egter bereik, te midde van 'n steeds armoedige Vrystaatse gemeenskap.

Tweede fase: 1927 - 1950

Hierdie tyd gekenmerk deur die stigting en konsolidering van die vernaamste basiese en beroepsgerigte fakulteite.

Die tydvak word ook gekenmerk deur die Depressie en die Tweede Wêreldoorlog.

'n Taal- en politieke stryd word gevoer te midde van politieke opkoms van die Nasionale Party.

- Die eerste aansoeke om toelating van swart studente word in 1945 afgeweke.
- Die UV slaan 'n Afrikaanse rigting (Christelik-nasionaal) in, wat sterk momentum kry ná 1948.



- Dit is steeds 'n ekonomies-knellende fase met 'n armlanke-vraagstuk. Die studentegetalle groei stadig tot 573 in 1940.
- Die basiese beroepsfakulteite kom tot stand: Handel (1937), Regte (1945) en Opvoedkunde (1945). Verdere ontplooiing van die basiese wetenskappe in Lettere en Wysbegeerte, o.m. Afrikatale, Romaanse en Semitiese Tale, Aardrykskunde, Staatsleer, Sielkunde, Sosiologie, Volkekunde, Bybelkunde, Musiek, Kuns, Drama, Biblioteekkunde, Liggaamsopvoedkunde vind plaas. In die Natuurwetenskappe word toegepaste Wiskunde en Aardkunde/Geologie bygevoeg.
- M.T. Steyn se standbeeld word in 1929 tydens 25-jarige fees van GUK onthul.
- Die universiteit se naam verander in 1935 na Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat (UKOVS), vandaar die "bynaam" Kovsie(s).

Derde fase: 1950 - 1976

Hierdie fase word ingelui met die universiteit se onafhanklikwording op 18 Maart 1950, 'n groot mylpaal in die ontwikkeling tot 'n selfstandige universiteit. Dit was eenvoudige, ongekompliseerde tye, gedomineer deur kommerlose studentinterpret, groeiende voorspoed en selfversekerdheid in die blanke en Afrikaanse gemeenskap, en stewige groei sonder ernstige finansiële beperkings – en sonder veel kommer oor die breër sosiaal-politieke opset.

- Studentegetalle klim tot meer as 1 000 in 1950, 4 000 in 1970, en 7 000 in 1975.
- Die naam verander na Universiteit van die Oranje-Vrystaat (UOVS).
- Die akademie fokus op onderrig, en veral ter voeding van 'n groeiende staatsdiens- en onderwyskorps.
- Navorsing kry wel 'n sterker klem, maar slegs broksgewys.

- Die Landboufakulteit en Mediese Fakulteit bygevoeg as belangrike mylpale vir die universiteit en die Vrystaat.
- Nog koshuise word gebou: Kestell, Emily Hobhouse, Reitz-kamerwonnings, ens.; ook die latere groot groep "nuwe" koshuise van die tydperk van prof. Benedictus Kok.
- Heelwat nuwe akademiese geboue (Landbougebou, Odeion, C.R. Swart-gebou, Biologie-gebou en Mediese Fakulteit-gebou) kom by.
- Sportfasiliteite en -afrigting word uitgebrei.

Op die oog af was die ideaal van volwaardige, onafhanklike universiteit in hierdie tyd grootliks verwesenlik.

Vierde fase: 1976 - 1989

In hierdie fase begin die navorsingsbasis groei, die Teologie-fakulteit word gestig – maar dit is ook die begin van politieke onstabilitet en oorgang in Suid-Afrika, met die Soweto-onluste, die driekamerparlement, noodtoestande, die Rubicon-toespraak, en die totstandkoming van die UDF.

- Groot verandering in navorsings-ingesteldheid word bewerkstellig, veral deur rektor Wynand Mouton se toedoen.
- Die universiteit word polities en selfs akademies geïsoleer, nie net buiteland, maar ook in Suid-Afrika.
- Hy begin egter wel oor die Vrystaatse grense na byvoorbeeld die Noord-Kaap beweeg.
- Eerste stappe om bruin en swart studente toe te laat, eerste swart nagraadse studente (1978) en voorgraadse studente (1988).
- Eerste versigtige transformasiestappe word geneem deur nuwe rektor François Retief, die begin van era van multikulturaliteit.
- Begin van finansiële probleme en rasionalisasie.

Vyfde fase:

Die fase kan in twee tydperke opgedeel word:

Eerste deel: 1989 - 1996

- Multikulturaliteit is 'n groot uitdaging, rektor Retief begin met fondamente vir transformasieproses.
- Besluit oor instelling van parallelmedium-onderrig word geneem (1993).
- Swart studentegetalle groei beduidend.
- Die eerste senior swart personeel word aangestel, en
- Die universiteit beleef erger finansiële probleme en traumatisé rasionalisasie van personeel vind plaas.
- Naam verander na Universiteit van die Vrystaat (UV).

Tweede deel: 1996 - 2004

Hierdie tydperk word gedomineer deur twee woorde: transformasie en draaistrategie.

- Tydperk van nuwe demokrasie en groot transformasie t.o.v. veral studente en senior bestuur
- Spanning tussen studentegroepes, word egter goed ontloot onder leiding van rektor Stef Coetzee.
- Modernisering van bestuur.
- Fakulteite word gekonsolideer te midde van finansiële krisis en rasionalisasie.
- Gevolg deur die draaistrategie wat finansiële verligting en bevryding bring.
- Internasionalisering en akademiese ryphowering (veral t.o.v. navorsing).
- Inkorporering van Qwaqwa-kampus (2003) en Vista Bloemfontein (2004).
- Nuwe taalbeleid (2003) onder leiding van rektor Frederick Fourie.
- Herinvestering in kwaliteit, akademiese kern, geboue en ander fasiliteite, toerusting, personeel, ens.

So skop die fees af



'n Blik op die groot koekversiergeleenthed waaraan koshuise en departemente op 28 Januarie deelgeneem het. Op die foto heelbo regs op bladsy 11 is Jan Ras, feesorganiseerder by saam met die Rektor by die groot koek.

Alle foto's deur Hannes Pieterse, tensy anders vermeld

News




Bult

11 100+
A



Bo: 'n Historiese oomblik. Prof. Frederick Fourie (regs) en mnr. Johan Volsteedt, Hoof van Grey Kollege, voor die geboorteplek van die UV in 1904.

Regs: Nog 'n blik op die lang stap vanaf Grey Kollege na die Hoofgebou.





Links: Personeel studente, oudstudente en Grey Kollege het aan 'n optog vanaf die skool deelgeneem.

Heel bo: Hier luister hulle na die openingstoespraak.

Bo: Prof. Niel Viljoen, oudrektor François Retief en regter Faan Hanke.

Bladsy 14-15: Die statige Hoofgebou vasgevang in 'n spel van kleur met die partytjie op 28 Januarie 2004>

Foto links: Volksblad








Top: A toast to the next century.

Middle: The Rector lights the 100th candle.

Bottom: DNA Strings made it a memorable night.

Page 17: A church service was held on 1 February 2004 also to celebrate the centenary.
(Photographs: Stephen Collett)



Kompleks bring nuwe lewe in hart van die kampus



Hennie Lambrechts

So stil-stil, sonder groot vertoon begin die Eeufeeskompleks in die hart van die kampus van die Universiteit van die Vrystaat vorm aanneem. 'n Deel daarvan is al afgehandel en in gebruik en aan die res word nog onverpoosd gewerk.

Dié kompleks word die nuwe onthaalareas van die UV.

Die Eeufeeskompleks, wat ingerig word waar die ou Reitz-eetsaal eens was, gee nuwe lewe aan 'n eens verwaarloosde gebied van ongeveer een en 'n half hektaar grond in die hart van die kampus, sê argitek Hennie Lambrechts.

Die pragtige gebou wat onder die aanlapbouwerk oor die jare weggesteek was, is weer met sorgvuldige moeite oopgekap en blootgelê, in sommige gevalle bygewerk en toegevoeg om hierdie kompleks die nuwe spogplek van die UV te maak. In van die geboue, soos in die ou

Reitzsaal, sal die skoonheid van die ou oorspronklike bouwerk nie weer toegepleister word nie, maar blootgelê en bewaar word sodat nuwe besoekers ook ietsie van die geskiedenis en oudheid van die kompleks kan inadem.

Hennie sê die terrein is oor 80 jaar net aangevul en aangelap. Nou word die verskilende geboue op die terrein, soos die ou Reitz-eetsaal en die Alumni-huis (nou D.F. Malherbe-huis) gekoppel en met nuwe tuine en toegangsroetes, wat diagonaal deur die gebied gaan sny, deel van die groter kampus gemaak.

"Met die ontwikkeling word 'n gebied wat onderbenut en verskuil was agter bome en strukture, weer met die skep van gesofistikeerde ruimtes aan die kampus as 't ware teruggegee," sê Hennie.

Die geboue word ingerig vir die amptelike onthale van die UV. Daarvoor word 'n verskeidenheid van groot en klein lokale in die kompleks ingerig. Daar word vir 'n wye verskeidenheid van aktiwiteite voorsiening gemaak vir personeel en gaste van die UV.

Daar is sprake van meditasieruimtes, skaduparke, 'n museum en 'n gedenktuin/park. Die UV se permanente kunsversameling skuif ook hierheen. Van die planne wat nog kan materialiseer, is die van 'n gesonke ouditorium met verskuifbare mure wat hom sal leen tot kamermusiek, gaslesings, dielewering van referate en gedenkdienste. 'n Amfiteater word ook later ingerig.

Hennie sê die gedenktuin is nie bedoel om 'n begraafplaas te word nie. Mense sal wel hulle as daar kan plaas, 'n plaat kan aanbring vir presteerders of net om te sê "ek was ook hier".

Die eerste drie fases van die projek word teen die middel van die jaar afgehandel.

UFS boasts new Centre for Confocal and Electron Microscopy

A new microscopy centre with microscopes and digital cameras which are completely linked to the computer network on campus has been launched at the UFS.

The Centre for Confocal and Electron Microscopy is the first of its kind in the country, says manager Prof. Pieter van Wyk.

Researchers can now e-mail images from the microscopes directly to their personal computers. The microscopes are connected to computers with fast and high image processing capacity in the centre's new computer laboratory. These computers are linked to the campus network. This enables larger groups of students to take part in demonstrations and more students can be accommodated on courses. The centre's confocal laser scanning microscope is one of the world's latest and technologically most advanced, Prof. Van Wyk says.

It was purchased at the end of last year. This was thanks to the university's financial turnaround strategy which enabled expansion of the Faculty of Natural and Agricultural Sciences. An electron microscope unit has been in existence at the faculty since 1968. Researchers used its transmission and scanning electron microscope and preparational material. It was also available to outside companies on a limited basis.

The new centre was established as a result of limited space within the existing unit. It is situated separately from the faculty's other departments.



From the left: Prof. Pieter van Wyk and prof. Frederick Fourie.

The entrance is computer controlled and special security measures ensure users' safety after hours. Electron microscopy is used for research on physical, chemical and bio-chemical structures and links. Fluorescent confocal laser microscopy is especially suitable for this.

The new centre's first projects for the industry have already been initiated with great success. It deals with the natural combating of diseases on agricultural crops. The centre is open to researchers from across the country, Prof. Van Wyk says. Even those who do not specialise in microscopic investigation can bring their projects to the centre to expand their research fields.

School groups can visit the centre per appointment for career guidance sessions.

Taalvaardigheid kry aandag by UV

Die UV het vanjaar begin om nuweling-eerstejaars se taalvaardigheid te toets.

Prof. Magda Fourie, Vise-rektor: Akademiese Beplanning, sê dit is 'n uitvloeisel van die taalbeleid wat die universiteit verlede jaar aanvaar het. Die doel is om die nuwelinge se vlak van taalvaardigheid te bepaal, en waar nodig geleenthede vir die ontwikkeling daarvan te skep. "Ons besef dat taalvermoë 'n integrale komponent van 'n student se akademiese sukses is. Die taal van onderrig aan die UV, hetsy Afrikaans of Engels, is baie van ons studente se tweede of derde taal," sê prof. Fourie.

'n Loodsgroep van studente met gebrekkige taalvaardigheid gaan die geleentheid kry om vanjaar aan taalvaardigheidsonderkoping deel te neem. Hul akademiese prestasie in hul eerste, tweede en derde studiejare sal dopgehou word om die sukses van die ontwikkelingsprogram te bepaal. Die resultate van vanjaar se toetse word nog nie vir toelatingsdoeleindes gebruik nie, sê prof. Fourie. Dit is nog slegs om vergelykings te tref en, as dit nodig is, die toetsinstrument aan te pas.

Die plan is om die toetsing van 2005 as 'n amptelike maatreël in te stel. Kovsie Voorligting sal die toetse administreer as deel van die toetsbattery wat vir eerstejaarstudente gebruik word.

Prof. Fourie sê hoewel die universiteit al die afgelope twee jaar Engelse taalvaardigheidoetse gebruik, was dit net op 'n beperkte aantal studente. Deur dit nou op groter getalle toe te pas, sal die databasis uitgebrei kan word om die toetse verder te verfyn.

Personnel se welstand moet aandag kry, sê Teuns



Prof. Teuns Verschoor

En van die uitdagings van die Universiteit van die Vrystaat is om meer aandag aan die welstand (*wellness*) van die personeel te gee en te besin en te kyk na wat betekenis verleen aan werk wat hier gedoen word. Met die vinnige pas van aanpassing het betekenisvolheid van die werkservaring vervaag, sê prof. Teuns Verschoor.

Hy het vanjaar die nuwe Viserektor: Akademiese Bedryf geword. Van die uitdaginge wat op hom en die ander lede van die bestuur wag, is groeibestuur aan die universiteit. Die UV bars die afgelope paar jaar uit sy nate, met meer as 23 000 studente wat hier geregistreer is. Met die bestaande fasilitete en binne die nuwe befondsingsformule van die regering, sal die UV nie meer onbeperk kan groei nie.

Die UV se nuwe entrepeneuriese benadering gaan ook sy kwota aandag eis. Die navorsingsfokus en samelewings-

diensleer kan dalk so gerig word dat dit nie geld kos nie, maar eerder geld inbring. Daar sal gekyk moet word hoe insetiewe vir ondernemende departemente ingebou kan word, sê hy.

Op internasionale terrein gaan dit nie net oor internasionale skakeling met ander instellings nie, maar die internasionale plasing van die universiteit. Hier gaan grense beslis geskuif word. Hy haal die rektor aan wat tydens die onlangse bosberaad van die Uitvoerende Bestuur gesê het: "Ons moet gesels met personeellede wat dink Brandfort is ver."

"Dit is 'n voorreg om met studente te werk en rolmodelle vir hulle te wees, maar hoeveel rolmodelle het ons werklik onder ons personeel, veral met ons veranderde studenteprofiel? Dit maak billike indiensneming en die sigbare deurvoering van die billikhedsplan al hoe belangriker," sê prof. Verschoor.

Op sy lysie van sake waaraan hy aandag sal wil gee, verskyn die volgende:

Hy sal graag wil sien dat die praktiese implikasies van die toepassing van die taalbeleid, wat verlede jaar deur die UV aanvaar is, geïdentifiseer en aangespreek word. Hy sal ook wil sien dat kritiese tekorte in personeel en toerusting, veroorsaak deur die groot toename in studentegetalle, die nodige aandag kry.

Op akademiese vlak lyk sy wenslys, soos volg:

- Hy wil graag sien dat die nuwe subsidiiformule vir universiteite tot die beste voordeel van die UV ingespan word.
- Dat die meeste studente betyds kwalificeer.

- Dat daar 'n toename in nagraadse studente is, en
- dat samelewingsdiensleer verder in leerplanne ingefaseer word.

Verskeie programme is al in werking om te help met die verwesenliking van die ideale. Daar is die afgelope twee jaar al 'n tutorstelsel by die koshuise in werkking en by die Fakulteit Gesondheidswetenskappe is daar ook 'n program om studente by te staan. Die moontlikheid bestaan om dié programme uit te brei.

Die UV se oorbruggingsprogram het ook al groot welslae behaal. Een van die studente wat deur die program sy studies begin het, het as mediese dokter gekwalfiseer.

Teuns Verschoor het altyd so 'n ondeunde uitdrukking op sy gesig en 'n vonkel in die oog en 'n mens wonder onwillekeurig of hy aan een van daardie studentestaaltjies sit en dink wat hy in sy boek* opgeteken het. Hy maak nog notas vir 'n volgende uitgawe. Hy is 'n kompulsieve leser, sê hy. "As daar letters is, moet dit gelees word. Ons huis is vol boeke en tydskrifte. Nie net oor een onderwerp nie. Dit kan wissel van oud-Europese geskiedenis, Men's Health, tot by geestelike verdieping."

Hy en sy vrou, Emma, 'n onderwyseres aan die Dr. Viljoen-hoërskool, het twee kinders: Annerina (23), 'n spraakterapeut, en Hanneke (21) met B.Soc Sci in Sielkunde, wat haar pa vanjaar wil oortuig dat sy 'n lewe in die musiekwêreld in Johannesburg kan maak.

* *Uittreksels uit die boek verskyn op bl. 5*

Magda Fourie wil daardie verskil maak



Prof. Magda Fourie

Waarvoor sal sy onthou wil word, is die vraag met die wegspring aan prof. Magda Fourie, Viserektor: Akademiese Beplanning aan die Universiteit van die Vrystaat. Haar antwoord kom sonder om te wik of te weeg: "Ek was baie gelukkig dat mense vir my geleenthede geskep en kanse gegee het. Dit is wat ek graag vir ander sal wil doen. Dis wonderlik as ek oudstudente van my raakloop wat sê hulle onthou nog hoe ek hier of daar rigtinggewend in hulle lewens was.

"Dit is die blywende verskil wat jy in ander mense se lewens maak, wat sin gee aan wat jy doen," sê sy.

"Dit maak dit opwindend om aan 'n universiteit verbonde te wees, waar jy kan help om geleenthede vir jongmense oop te maak, sodat hulle kan besef *the sky is the limit*. Daar is talle

voerbeeld hiervan in ons oorbruggingsprogram. Studente kan uitblink omdat iemand in hulle glo en daar 'n stelsel in plek is om die deure vir hulle te help oopmaak.

" 'n Universiteit is 'n leerorganisasie wat 'n veilige omgewing moet skep waarin elke student en personeellid voortdurend kan leer, foute kan maak en deur sy foute kan groei om sy of haar volle potensiaal te verwesenlik. My rol is om saam met die res van die bestuurspan so 'n omgewing te skep."

Magda is nie 'n nuweling op die derde vloer van die George du Toitgebou nie. Sy het verlede jaar al haar vuurdoop in die warm stoel as waarneemende viserektor gehad.

Oor die inhoud van haar pos, sê sy akademiese beplanning gaan vanjaar voor baie uitdagings te staan kom, hoofsaaklik weens die komplekse omgewing waarin universiteite opereer. Die nuwe hoëonderwysbeleid is reeds in 1997 aanvaar en het geleidelik ontvou, maar dit moet nou in elke instelling vergestalt word. Sake wat aandag moet kry, is groei in studentegegatte, die implikasies van die nuwe subsidieformule en die groter klem op die gehalte van onderwys wat deur hoëonderwysinstellings gelewer word. Dit moet alles gesien word binne die breë raamwerk van die transformasie van hoë onderwys in Suid-Afrika.

Die UV se akademiese plan, wat die kern vorm van die instelling se strategiese plan, is van kritiese belang vir studente en personeel. Dit vorm die "hart" van die werkzaamhede van die universiteit wat bepalend is vir finansiële

beplanning, fisiese beplanning, ens. Hierbinne moet die strategiese beplanning vir die Qwaqua- en Vista Bloemfontein-kampusse ook gedoen word.

"Die Universiteit van die Vrystaat het reeds ver gevorder ten opsigte van die bestuur van diversiteit, billikheid en meertaligheid, en uit ons ervaring en kundigheid kan ons nog groter bydraes tot die land, Afrika en die wêreld maak." Sy sê die ontwikkeling van unieke gemeenskaplike waardes en uitgangspunte, uit die bymekaar kom en saamroer van Afrika- en Westerse waardes en uitgangspunte hier in Suid-Afrika, kan as voorbeeld vir die wêreld dien. "Die UV kan 'n leiersrol speel in die skep van so 'n nuwe samelewing," sê sy.

Hoe sy balans handhaaf tussen werk en haar persoonlike lewe, erken Magda half verleë dat sy nie daarin slaag nie. Die werk het die vermoë om 110% van jou te eis. As daar 'n kansie is, loer sy darem deur haar kameraleens na mooi natuurtonele. Sy was 'n professionele fotograaf iewers lank geleden. Nou doen sy dit net vir die plesier, en leef so haar kreatiwiteit uit. Hiervan getuig die geraamde foto's, wat jou op 'n wêrldtoer neem, teen haar kantooromre.

Magda het vier kinders. Anco (25) doen 'n M.Phil aan die Universiteit van Stellenbosch en werk nou in Dubai, die tweeling, Jan Albert en Hannes (22), swot onderskeidelik B.Vryetydswetenskap en B.Com. LL.B., en die jongste, Nadia (19) swot ook B.Com.LL.B.

Universiteite kan positiewe omgewing help skep, sê Moraka


As ons studente kan help om diversiteit positief teervaar, kan ons baie vir Suid-Afrika beteken. Ons doen studente 'n onguns as ons hulle nie vir diversiteit daar buite voorberei word nie," sê dr. Ezekiel Moraka, nuwe Viserektor: Studentesake, aan die Universiteit van die Vrystaat.

Hy sien dit as 'n belangrike taak vir homself en almal by die universiteit om 'n positiewe omgewing vir die student te skep. "Ons sit met die ongelukkige agtergrond van apartheid wat daartoe gelei het dat ons soveel stereotipes van mekaar het – omdat ons mekaar nie ken nie. Dit veroorsaak sekere negatiewe houdings en help nie om mekaar beter te leer ken nie."

"Ons kan nie 'n akademies positiewe omgewing sonder stabiliteit hê nie. Die UV het dit tot 'n groot mate, maar dit kan uitgebou word," sê hy.

Die fokus in sy taak sal noodwendig op studente val, maar personeel het ook 'n belangrike rol te speel. "Studente kyk op na personeel as rolmodelle. Daarom moet personeel die regte beeld van die UV uitdra. As ons waardes en gedragskode net op papier is en personeel leef dit nie uit nie, skep dit 'n probleem vir studente wat die kontraste sien en twyfel oor die waardes en norme wat die UV werklik wil oordra."

Hy sê as viserektor is dit vir hom belangrik dat die beeld van die universiteit positief moet wees. Mense buite



Dr. Ezekiel Moraka

die universiteit moet hierdie positiewe beeld beleef en hulle kinders hierheen stuur. Dit wat by die koshuse, op kulturele en sportgebied, by die ondersteuningsdienste en in die akademie gebeur, kan nie losgemaak word van die beeld wat van die universiteit uitgedra word nie.

"As hierdie beeld nie positief is nie, word mense nie na die universiteit gelok nie, en sal donateurs en ander nie beïndruk wees nie."

"Aan die ander kant, as ons plaaslik nie relevant kan wees nie, sal ons ook nie internasionaal relevant wees nie," sê dr. Moraka.

Hy sê hy het baie hoop vir diversiteit aan die UV en in Suid-Afrika. Groot veranderinge is al sedert 1994 gesien. Instellinge is oop vir almal. "Suid-Afrika kan een nasie wees – nie een wit en een swart soos pres. Thabo Mbeki al by geleentheid gesê het nie."

Universiteite kan help om 'n positiewe samelewing in Suid-Afrika daar te stel. Die groot taak van 'n universiteit is om studente as 'n afgeronde persoon op te lei op akademiese, religieuse, sosiale en kulturele vlak. Studente moet aangemoedig word om by hierdie sake betrokke te raak, met die akademie steeds as die hoogste prioriteit, sê hy.

"Universiteite, en die Universiteit van die Vrystaat in besonder, is goed geposisioneer om leiding te neem om die staat te help om te verseker dat ontwikkeling plaasvind en dat die breëre samelewing daarby baat vind," sê hy.

Dr. Moraka was tot die einde verlede jaar studentedekaan aan die Universiteit van Pretoria. Sonde is hy tentmakerpredikant. Hy en sy vrou, Tebogo, het vier kinders: Dipuo (27) is besig met 'n M.Com, Thuso is 'n finalejaar B.Sc-student, Obakeng (17) het vanjaar B.Com Rekeningkunde begin swot, en die jongste, Keabetswe, voltooi vanjaar haar graad 7 in Pretoria voordat sy haar by haar ouers in Bloemfontein aansluit.

'Military strikes could be counter-productive'

Punitive military strikes against civilian populations could be counter-productive in the battle against terrorism, Judge Faan Hancke, Chairman of the UFS Council, said at an international symposium at the University of Cambridge.


These strikes could spawn new generations of terrorists, he warned. Judge Hancke was one of the speakers at the 21st international symposium on economic crime at the British university. He discussed ways to promote international financial stability in the face of serious crime and terrorist activity.

He said that extensive international co-operation would be needed to effectively bring terrorists to justice.

It was important that all measures taken by governments in their battle against terrorism must conform to existing and developing requirements for due process, he said. It must further be according to international and national laws in order to be justified and politically and morally legitimate. The International Criminal Court and the United Nations Security Council should be custodians of international due process.

"Along with the affected governments, they are central to ensuring that those being pursued, and the societies in which they are being pursued, have the protection of law and just practice."

Judge Hancke called for consideration of the social and political grievances causing terrorism. These should be addressed if the world was about to embark on a major campaign against terrorism, he said. In this regard, terrorism was comparable with crime: Any serious crime reduction effort could not be confined only to more intensified policing. It must also address the economic and social conditions conducive to increased rates of crime.



Judge Faan Hancke

"States accused by the USA of supporting terrorism have one characteristic in common – the majority are undemocratic states that suppress civil society.

"Therefore, the promotion of good governance, participatory public institutions and a civil society actively engaged in shaping public priorities and values are essential components in the campaign of reducing... terrorism." He said organised crime syndicates shared many of the characteristics of international terrorist organisations. Both operated across borders and were dependent on finance to achieve their goals.

The difference between them was that criminals were motivated by greed and terrorists by ideology, whether political, national or religious. "Those who provide financial support to terrorists are often motivated by ideology to contribute to a cause, but also by a sense of injustice, alienation and helplessness."

He proposed that the international community fight money laundering because it fueled both organised crime and terrorism. "If the fuel is cut off, it can have a devastating effect on these activities."

The judge commended South Africa for developing in a fairly short period of time a comprehensive legislative framework to combat money laundering. He

referred to the 1998 Prevention of Organised Crime Act, which empowered South African courts to confiscate the proceeds of crime, as well as the country's new Financial Intelligence Centre, which started operating in June 2003.

The international community must demonstrate its resolve to confront money laundering by showing a strong commitment to work collectively against it. Those countries lacking this commitment should be isolated, Judge Hancke said. The different national financial centres must be brought into compliance with international standards in the battle against money laundering.

Countries' anti-money laundering systems must be evaluated from time to time. Those efforts not up to international standards must be identified and pressure put on them to rectify their systems. He explained how political, social, economic and technological changes were facilitating organised crime and terrorism. Far-reaching political change and the resultant instability which took place across the world in the past two decades, provided criminals with many lucrative opportunities.

The opening up of intra-community borders led to unstable economic landscapes. This provided trans-national organised crime groups with a set of unprecedented advantages. Globalisation, including the ongoing integration of international financial markets, provided further opportunity for criminal activity.

Increasing mobility of people and ongoing urbanisation led to greater potential levels of anonymity, also increasing the crime rate.

Technological advances enabled criminals to, for instance, produce counterfeit documentation and conceal criminal activities by creating so-called virtual identities when doing e-business.

University Reinvented

By William Rowland



Feel how tall they grow! Thomas, Dr Léan van der Westhuizen, Tukhelo and Molefe Chobane (hydroponics manager) showing Dr Rowland their potato crop.

Qquad rugby!" I exclaim. "What's that?" "Rugby played in wheelchairs by quadriplegics," explains Henry Austin, sport and recreation manager in Mangaung. "It's played with a netball; four a side; to score you have to pass between the goal posts of your opponents, carrying the ball with you. But first you have to escape the markers; their task is to prevent you from getting the ball.

"The wheelchairs are custom-built, but often they knock each other over. The severer the disability, the rougher the sport," says Marlize, a rugby coach. And also a cricket coach. Marlize is especially proud of the blind cricketers of Mangaung who last year ended up winners in the development league at the National Cricket Tournament. To these national sports we can add wheelchair basketball, disabled cycling, and disabled table tennis, all of which form part of a

"total well-being" project in one of South Africa's most deprived settings. Even more comprehensively, we are looking at a multisectoral partnership in healthcare, education, economic and agricultural development between the UFS and the community of Mangaung, or "lair of the leopard", which it surely once was, before half a million people settled here in sprawling poverty.

Universities, wherever they may be, have two distinct tasks, teaching and research. But universities also have at their disposal resources that can be utilised in development and expertise to deal with social problems. At the UFS many of the students live in communities where unemployment rates are fantastical and where poverty and crime are daily realities. The UFS has an inescapable responsibility, it is argued, to put something back into those communities. A reasonable enough

argument, of course. But how can this be justified in terms of the functions of a university, as prescribed by tradition and law. In answer to this question I am introduced to the concepts of "service learning" and "community-based research".

And so, at the Pholohlo School for children with intellectual disabilities, I find myself in a narrow enclosure, hot as hell, and breathing spray-moistened air. Around me is a profusion of vegetarian delights – peppers, parsnips, spinach and beans; and potatoes three times life size (life size for a potato, that is). Inside this hydroponic tunnel all the greens that could be consumed by a school of 400 hungry pupils is produced under scientifically controlled conditions.

But before going into the science of it, I pose for a photograph with a couple of very proud twelve-year-olds, Thomas and Tukhelo, proud because the potting and planting, picking and bunching, is their handiwork. And then they watch with fascination as this inquisitive blind visitor traces the

micropiping from the galvanised tank containing thousands of litres of chemicals to the capillary-like outlets where water and fertilizer, mixed with precision, trickle into the soil. And measurement is important, because Léan van der Westhuizen, custodian of the project, so to speak, is carefully researching inputs and outputs, and the maximisation of hydroponic food production. On this particular day he discovers a small infestation of potato moth and displays all the ambivalence of an entomologist confronted by an investigateable pest and a gardener protective of his gently tended crop.

The disability projects of hydroponics and sport are but two examples of dozens of community service-learning projects in the Free State to improve public health, upgrade agriculture, advance education, and stimulate economic activity. None of this would have been possible, though, without a fundamental change in attitude amongst academic staff as to the purpose and relevance of their tuition and research.

According to Rev. Kiepie Jafta, the man who heads up the community service division of the university, "integration" and "partnership" have to be the watchwords. The academic and research agenda of the university cannot be determined by the UFS alone, but has to be decided in consultation with surrounding communities, the various service sectors, and even other tertiary institutions. Included in the broader spectrum of these partnerships are the organisations of disabled persons. Without their input the programme of the UFS could not be considered holistic. The programme does have its parallels in a hand full of universities elsewhere, particularly in the United States, where "campus compacts" are entered into to promote "good citizenship". But Kiepie Jafta is quick to make the point that the UFS is rooted in Africa, and that the aim is "to make a difference in our new nation".

* Dr Rowland is Executive Director: SA National Council for the Blind & Honorary President: Disabled People SA

Eenheid kyk na akademiese beplanning by die UV

'n Beplanningseenheid gaan aan die UV tot stand gebring word om langtermyn-akademiese beplanning vir die universiteit te behartig.

Prof. Magda Fourie, Vise-rektor: Akademiese Beplanning, sal aan die hoof van die nuwe eenheid staan. Die universiteit het besluit om die eenheid te stig omdat beplanning as 'n belangrike komponent van die universiteit se bestuur beskou word, sê prof. Fourie.

Die uitkomste van die bestuur moet gedurig gemoniteer word sodat behoorlike herbeplanning gedaan kan word, sê sy.

As deel van die eerste funksie sal die eenheid internasionale neigings in hoër onderwys ontleed, asook nasionale hoër-onderwysbeleid en die implikasies vir die UV.

Die eenheid sal voorts stelsels ontwikkel, data versamel, orden, verwerk en interpreteer, en ad hoc-navrae behartig.

Opnames sal gedoen word en bestuursinligting ontleed en geïnterpreteer word. As deel van sy beplanningsfunksie sal die eenheid strategiese beplanning koördineer. Dit beteken dit sal 'n strategiese beplanningsraamwerk vir die UV moet ontwikkel, asook strategiese planne vir die Qwaqwa- en Vista-kampusse voorberei.

'n Breë akademiese beplanningsraamwerk sal ontwikkel word om as riglyn vir fakulteite se meer gedetailleerde planne te dien. Ook as riglyn vir die fakulteite se meer uitgebreide planne, sal 'n raamwerk vir inskrywingsbeplanning ontwikkel word. Programbeplanning en -ontwikkeling sal deur die eenheid gekoördineer en ondersteun word, asook die versekerings en verbetering van gehalte. Die nuwe eenheid sal ook vir streeksamewerking met ander instellings verantwoordelik wees.

Drie keer per jaar sal die eenheid aan die regering verslag doen oor onder meer studente-inskrywings, kwalifikasies en menslike hulpbronne. Dié verslae bepaal die vlak van subsidiëring wat die universiteit ontvang.



Mr Oriel Thekisoe

A student who graduated from the Parasitology Research Programme at the UFS' Qwaqwa campus has just started studying toward his Ph.D at the Gifu University in Japan.

Mr Oriel Thekisoe, a born and bred Basotho, will have to complete his Ph.D studies in Japanese, says Prof. Mbati, Head of the Qwaqwa campus of the University of the Free State, and also the Head of the Parasitology Research Program at Qwaqwa.

Prof. Mbati, himself a post-doctoral fellow from a Japanese university, says Oriel will first receive six months of intensive Japanese language training.

His planned Ph.D will then deal with the molecular diagnosis of veterinary blood parasites, with emphasis on babesiosis and theileriosis.

Oriel recently completed his masters at the Qwaqwa campus under the supervision of Prof. Mbati. His M.Sc results, on the vaccination of free-ranging poultry against Newcastle disease, are to be published soon in the international journal *Veterinary Microbiology*.

For a home-grown boy who matriculated from one of the local government schools, Oriel is certainly flying their flag high, Prof. Mbati says. Oriel is a shining example of the opportunities the parasitology programme has brought the youth of the surrounding Qwaqwa.

Parasitology research opened doors for Qwaqwa student in Japan

The former homeland is one of the province's poorest areas.

For Prof. Mbati, originally from Kenya, Parasitology Research Programme presented him with a host of challenges since he established the programme there in 1998.

Practically all his students are locals who matriculated from schools within the north eastern Free State, with the greater majority from poor families.

Post-graduate students in the Parasitology Research Program are encouraged to communicate in English in laboratories. This allows them to develop the right scientific language, and ultimately makes them more confident when they present their research findings at either national or international conferences, and to compete with the best globally.

Prof. Mbati's dedication soon paid off. Since 1999 the programme has produced two Ph.D students (who are still busy completing the degree), 12 masters graduates and 19 honours graduates.

Mr Motseki Hlatshwayo one of the first masters students, spent time at the University of Sao Paulo, Brazil in 2003 as part of his Ph.D studies, whilst another Ph.D candidate, Mr Sibusiso Mtshali, has just returned from Israel where he learnt specialised techniques important for his doctoral studies.

Alumni of this program include Mr Pat Leeto who is pursuing a Ph.D at the University of Cape Town, and Ms Ana Tsotetsi who is pursuing a Ph.D at the Rand Afrikaans University.

Before moving to South Africa, Prof. Mbati worked as a medical parasitologist at Kenya's Medical Research

Institute where he served as a Director of the Biomedical Sciences Research Centre. Among the services offered in his lab were tissue typing for organ transplants. His previous research interests at KEMRI included immuno-diagnosis and vaccinology in leishmaniasis and trypanosomosis (sleeping sickness). After settling at Qwaqwa he switched to animal parasitology to fit in with one of the greatest local needs of the surrounding livestock farming community.

The program is producing important research results on ticks and tick-borne diseases, with emphasis on diagnosis and vaccine development.

Its official merger into the UFS's Department of Zoology and Entomology has produced one of the country's strongest parasitology research groups, says Departmental Head, Prof. Jo van As.

The Qwaqwa programme is managed by three permanent staff members – Prof. Mbati, Motseki Hlatshwayo and Sibusiso Mtshali.

Its aim is to research emerging and re-emerging livestock-diseases in rural areas. Among its external donors are the National Research Foundation and the Japanese Embassy. The program runs a high-tech molecular biology laboratory, where analyses can be done on a DNA level.

Its research programs have been streamlined into three main themes – molecular diagnosis of tick-borne pathogens, tick vaccine studies, and the biology of *Anaplasma centrale* (which causes tick fever).

To date the program has attracted funding to the tune of R2 million.

Kovsiesport het verlede jaar 'n legende gegroet

Mnr. Ewie Cronjé word allerwee beskou word as een van Suid-Afrika se bekendste sport-administrateurs en die veelsydigste sportman wat die UV nog opgelewer het. Hy het aan die einde van Desember 2003 met lang verlof gegaan voordat hy op 31 Desember vanjaar sal aftree. Ewie was die afgelope 35 jaar by die universiteit betrokke – sedert hy in 1969 as die eerste sportorganiseerder onder die destydse assistant-registrateur: nie-akademiese studente-aangeleenthede aangestel is. Die afgelope paar jaar was hy Direkteur van Kovsiesport. Hy word op 23 Julie vanjaar 65 jaar oud.

Sportbeamppte Leon Botha sê sport aan die UV het onder Ewie se leiding 'n ongekende bloeityd beleef. Die oprigting van geriewe vir alle sportsoorte aan die universiteit was altyd vir hom 'n hoë prioriteit.

Die sportgeriewe in die Callie Human-saal, by die ou studentesentrum, die swembad en vele ander is in sy tyd opgerig. Nog een van sy mikpunte was maksimum sport-deelname deur UV-studente. Danksy sy aansporing het talle Kovsies-spanne en UV-studente die hoogste louere ingeoeos.

Dit was vir Ewie altyd heuglike oomblikke wanneer Vrystaatse en Suid-Afrikaanse spanne met talle Kovsies in hul gelede kompetisies gewen en medaljes ingepalm het.

Een van sy aangenaamste herinneringe is aan 25 September 1976, toe die Vrystaat-rugbyspan die eerste keer die gesogte Curriebeker ingepalm het. Nie minder nie as 13 van die 16 spelers wat daardie dag vir die Vrystaat gespeel het,

was Shimlas. Boonop was dit op sy seun Hansie se sewende verjaardag.


Ewie is in 1939 op die plaas Eben-haezer by Bethulie gebore. Hy is 'n oud-leerling van Grey Kollege. Van 1958 tot 1961 was hy 'n voltydse Kovsie-student en inwoner van Vishuis, waar sy pa, Frans, ook in 1922 en 1923 was. Hy het die graad B.A. (UOD) as voltydse student behaal, en in 1966, terwyl hy onderwyser aan Grey Kollege was, die graad B.Ed.

As student het hy die universiteit soms op een dag in drie sporte se eerste spanne verteenwoordig. Hy het twaalf jaar vir die Vrystaat tennis gespeel en was drie jaar lid van die SAU-span. Vir die Vrystaat-krieketspan het hy elf jaar diens gedoen – drie jaar as kaptein.

Mnr. Tat Botha sê hy ken Ewie as iemand wat nie tou opgooi nie, wat nie verskonings soek om nie deel te neem nie, en wat nie sal pruul of verskonings soek vir neerlae nie.

"Hy vra nie voorgee of voordeel nie, en sal nooit sy teenstander onderskat of homself te hoog aanslaan nie."

Shimlas het vir Ewie 'n stel rolbal-balle as afskeidgeskenk gegee. Dit sal min verbaas as hy ook in dié sport sy merk maak!




Mnr. Ewie Cronje



Op die krieketveld, as rasieleier en op die tennisbaan.

Archive well known overseas



Dr Richard Coggings of the Department of Politics and International Relations of Queen's College, Oxford University, is doing research on the foreign policy of the Verwoerd and Vorster government for a book to be published in the United Kingdom. He is part of a stream of academics from abroad that visits the archive on campus to do research work.

The Archive for Contemporary History succeeded over the years to put a big private document collection – of which there are now 932 – together. It includes the collection of economists, politicians, church, cultural and community leaders.

Every collection is kept as an exclusive unit. Ms Esta Jones, Deputy Director of Library and Information Services, says researchers from Alaska, Australia, Belgium, Britain, Germany, France, Ireland, Canada, the Netherlands, New Zealand, Poland, Scotland, Sweden, Switzerland and the United States of America visited the archive on campus.

She said it must be stressed that the archive is not buying documents and the donors are therefore not getting paid.

She said the archive succeeds in its aim to provide an infrastructure for scientific research by collecting, storing and by making available research material. "No research of economic, governmental, political or cultural development in South Africa, can claim to be complete without a visit to the archive."

The reading room delivers a service to post-graduate students of the UFS and also to various departments on campus and also to post-graduate students of other South African universities.

Ms Jones says the archive as research institution is also well known at various universities overseas.

Recognition for UFS Research Head

Prof. Frans Swanepoel (42), Director: Research Development at UFS, has for a third consecutive term of three years (2003 – 2006) been appointed by the Minister of Agriculture and Land Affairs as board member of the Agricultural Research Council (ARC). The ARC is one of the eight science councils with a statutory national mandate for agricultural research and technology transfer. He served as Vice-Chairperson for the period 1997 to 2003. He is currently chairperson of two board committees, i.e. human resources and remuneration as well as the audit committee. He is also a member of the board's executive committee. He has also been appointed as extra-ordinary professor in Animal Science at the University of Fort Hare. He was a former professor and Head of Animal Science at the University of the Free State and Dean of Agriculture at the University of Fort Hare.



Prof. Jo van As, the head of the University of the Free State's Department of Zoology and Entomology, was elected as President of the International Association for Fish Parasitology during the international congress held in Bloemfontein last year. He is the first South African elected as president of this committee.



Prof. Johan Henning, Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid aan die UV, is onlangs as voorsitter van die South African Law Deans Association (SALDA) verkies.

UV-argitekte se huis kan hoë eer kry

Heuwelskans, die woning van prof. Jan Smit en sy vrou, Petria, is een van twaalf projekte wat vanjaar in aanmerking gaan kom vir die Suid-Afrikaanse argitektuurbedryf se hoogste toekenning.

Die Smit-egpaar, albei verbonde aan die UV se Departement Argitektuur, het self die huis teen 'n koppie in Waverley, Bloemfontein ontwerp.

Die toekenning vir uitnemendheid, sal in Augustus oorhandig word. 'n Groep beoordelaars met die Bloemfonteinse argitek Jan Ras as sameroeper het die twaalf projekte gekies.

Die ander wen-projekte sluit in Mpumalanga se nuwe provinsiale regeringgebou in Nelspruit, die Apartheid-museum in Johannesburg en die Bitterpan-wilderniskamp in die Kgalagadi-oorgrensspark. Heuwelskans is een van net twee woonhuise wat deurgedring het. Die ander een is die Westcliff-landgoed in Johannesburg.

Die Smitte het hul huis so ontwerp dat die natuurlike omgewing behoue gebly het.



Jan en Petria Smit

Idalia Loots het diep spore getrap



Idalia Venter (née Loots), is in November verlede jaar oorlede.

'n Verpleegkunde-baanbreker en die eerste vroulike lid van die UV se Senaat, prof. Idalia Venter (née Loots), is in November 2003 oorlede. Prof. Venter, stigter van die universiteit se Skool vir Verpleegkunde, was 76 jaar oud.

Sy is in September 1969 as eerste hoof en professor van die UV se Departement Verpleegkunde aangestel. Sy het die eerste basiese diplomakursus in verpleegkunde aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit by die UV ingestel.

Wyle prof. Venter het ook die eerste geïntegreerde kursusse vir graad-en diplomastudente in die land ingestel. Later het die Suid-Afrikaanse Raad vir Verpleging dié kursusse as grondslag aanvaar vir sy beleid oor die opleiding van professionele verpleegkundiges.

Sedertdien volg alle verpleekundestudente 'n geïntegreerde kursus. Die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging het prof. Venter in 1985 met die B.G. Alexandertoekenning vereer vir haar buitengewone bydrae tot verpleeg-onderwys en ontwikkeling van die verpleegberoep.

Prof. Frederick Fourie, Rektor en Visekanselier, sê prof. Venter het 'n groot bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die UV. Haar nalatenskap sal op die kampus voortleef. "Sy was 'n besonderse mens en het 'n goeie invloed op die lewens van baie jongmense gehad," sê hy.

- Met 2003 se naamgewing van geboue op die kampus is die gebou waarin die Skool vir Verpleegkunde gehuisves word, die Idalia Loots-gebou genoem.

Prof. John Douglas Anderson (81) 'n bekende onkoloog van Bloemfontein en stigerslid van die Fakulteit

Gesondheidswetenskappe aan die UV, is op Nuwejaarsdag in Vereeniging aan hartversaking oorlede. Hy was sowat 30 jaar verbonde aan die Departement Onkologie aan die UV en het in 1987 afgestree en na George verhuis. Prof. Anderson is gebore in Germiston en het grade aan onder meer die universiteite van die Witwatersrand, Kaapstad, Londen en die Vrystaat verwerf. Hy was ook 'n stigerslid van die chemoterapie-eenheid van die Groote Schuur-hospitaal in Kaapstad. Hy word oorleef deur sy vrou, Letitia, twee seuns, George van Vereeniging, en John Douglas van Bloemfontein, twee dogters, mevv. Letitia Black, en Jeannette Quinn, albei van Australië, en 11 kleinkinders.

Dr. Human van Staden (25) van Charné Park 3 in Langenhovenpark, wat die leier was van die Brilliant Cut-a cappella-groep van die UV, is in Desember dood nadat hy vermoedelik by sy huis aangeval is. Van Staden word oorleef deur sy ouers, Rossouw en Ita van Staden van Verkeerdevlei, 'n broer, J.W., en vier susters, Marina, Rachel, Talitha en Tertia.

Mev. Alma Kok (92) is op 25 November in haar huis in die Noorderbloem-oord vir bejaardes in Bloemfontein oorlede nadat sy diep spore in die harte van mense in die stad getrap het. Sy was die eggenote van wyle prof. Benedictus Kok, voormalige rektor en kanselier van die UV van 1967 tot 1976. Sy word oorleef deur haar dogters, mev. Marietta de Kock van Bloemfontein, en mev. Menitza Gutter van Winburg, 'n seun, Ordino van Bloemfontein, sewe kleinkinders en vier agterkleinkinders.

Mnr. Johan Philippus (Jan) Jacobs (77) van Klaradyn Palm-meenthuise in Pellisier, en 'n vorige hoof van die Laerskool J.B.M. Hertzog, nou die Laerskool Bloemfontein, is na 'n kort siekte in November in Bloemfontein oorlede. Hy het in Boshof

grootgeword en het sy studie aan die UV voltooi. Hy was ook voorsitter van die hoofvereniging in die stad en vice-president van die Vrystaatse laerskole-rugbyvereniging. Hy word oorleef deur sy vrou, Hartjie, twee seuns, Henri en Dawie, 'n dogter, mev. Martie Harber, almal van Bloemfontein, en twee kleinkinders.

Mnr. Ludwig Diener jr. (42), prokureur van Bethlehem, is in Oktober 2003 voor sy gesin dood toe hy langs die N1 naby Winburg 'n pap band omgeruil en deur 'n verbygaande vragmotor getref is. Sy vrou, Anneke, en hul kinders, Luanné (14) en Ludwig (11), was op pad terug van Bloemfontein waar klein Ludwig tennis gespeel het. Ludwig jr. is in Bethlehem gebore en was 'n leerling aan die Laerskool Truida Kestell en die Hoëskool Voortrekker. Hy het die grade B.Juris en LL.B aan die UV verwerf. Ludwig jr. word ook oorleef deur 'n suster, Amanda, van Witbank.

Jeanne Diemont (later Van Rooyen en Uys): Eronel Schabot van Posbus 21, Klein Brakrivier 6503, skryf.

Dit is met groot hartseer en gemis dat ek u moet meedeel dat my moeder op 20 Oktober 2003 in die ouderdom van 91 jaar oorlede is. Jeanne Diemont was 'n paar jaar student aan die UV en het ook op die studenteraad gedien. Sy was 'n kranige sportvrou en het eerste-spanhokkie en -tennis vir die universiteit gespeel. Sy was getroud met Izak van Rooyen, ook 'n oud-student. Sy het gereeld *Bult* ontvang en baie genot daaruit geput. Baie dankie dat u dit so gereeld aan haar gestuur het. Dit word opreg waardeer. Ná haar eerste man was sy getroud met mnr. Uys, wat haar ook later ontval het. Sy het lank in Kroonstad gewoon en was die laaste vyf jaar in 'n aftreeoord in Hartenbosch.

Streeklanddros Chris Möller (52) van Kimberley is einde verlede ná 'n ern-

stige siekte dood. Hy het van 1989 as advokaat in Kimberley gepraktiseer en later streeklanddros geword. Chris word oorleef deur sy ma, Alida van Delporthoop, sy vrou, Alta, 'n dogter, Christelle (24) van Bloemfontein, 'n seun, Philip (21) van Kempton Park, en drie susters, mevv. Rina Pelser van Kimberley, Anna-Marie Marais van Douglas, en Alida Basson van Delporthoop.

Dr. Diederick Opperman (46), 'n radioloog aan die Oos-Rand en oud-student wat sy MB ChB in 1981 aan die UV voltooi het, is verlede jaar aan 'n hartaanval dood. Hy was getroud met Marlene Calitz, wat ook Medies aan die UV geswot het. Hy laat ook 'n seun en dogter agter.

Streeklanddros Hardus Landman en sy vrou, adv. Elbie Landman, senior staatsaanklaer in die kantoor van die direkteur van openbare vervolging in die Vrystaat, is in Februarie vanjaar in 'n botsing op die pad tussen Ficksburg en Fouriesburg in die Vrystaat dood. Adv. Landman, wat in Namibië grootgeword en aan die Hoë Meisieskool Oranje gematrikuleer het, het die graad LL.B. aan die UV verwerf. Die egpaar word oorleef deur twee seuns, Gerhard (15), 'n gr. 10-leerling, en Barend (13), 'n gr. 8-leerling aan Grey-kollege (sekondêr) in Bloemfontein.

The UFS' condolences to the family and next of kin of the following students who died in the last few months:

- **Ms W. Rhuba**, daughter of Mr D. Rhuba of Confimvaba
- **Miss J.J. le Fleur**, daughter of Mrs M. le Fleur of Hopetown
- **Miss I.P. Monare** of Harrismith
- **Miss R. Hattingh**, daughter of Mr and Mrs C.A.C. Hattingh of Aliwal-North
- **Miss S. Nel**, daughter of Mr and Mrs Nel of Maclear.

Corporate Liaison Office turns over a new leaf

By Ilse Olivier

A brand new policy for fund-raising was recently launched by the Corporate Liaison Office at UFS Marketing. The new policy aims to inform and guide project owners and those who would like to market projects in the pursuit of obtaining donor funding. The new policy explains the university's policy and approach to fund-raising and encourages project owners to work together with the Corporate Liaison Office in registering all projects on the central data bank.

The formulation of a new policy was crucial, as the importance of fund-raising activities has increased, especially in view of the fact that government subsidies have been decreasing for the past few years and donors' policy focus has shifted. The new policy has been designed to build fund-raising capacity.

It will ensure that efforts are coordinated, duplication avoided, synchronisation achieved between projects and project owners and that the UFS maintains its excellent relations with donors.

According to Dr Ivan van Rooyen, Head of UFS Marketing, the new policy was created to serve the university's long-

term fund-raising efforts. It is not a bureaucratic directive and it does not seek to interfere in the relationships between staff members or students and donors. The staff members of the Corporate Liaison Office have longstanding experience in fund-raising and liaising with the corporate sector.

"The Corporate Liaison Office exists to generate new resources to help the University of the Free State achieve its strategic aims. The main focus of this office lies in building and managing dynamic partnerships between the university and government, influential individuals and companies who share the university's vision and goals, and who will play an active role to support, promote and influence the university's development," said Dr Van Rooyen.

The special gala event held on 18 November 2003 was attended by a senior Altron executive, Dr Harold Serebro and his wife Gillian. They are the patrons and founder members of the new Harold and Gillian Serebro Children's Academic Fund, which aims to secure funding for financing infant and paediatric services at the academic hospital complex of the University of the Free State. The fund was initiated by the

continued on p34

Mrs Lorraine Botha (left) receives a gift from Mrs Cathy Castagno from the Corporate Liaison Office.





Dr Robbie Dennis, Prof. Jo van As, Dr Matie Hoffman and Dr Léan van der Westhuizen.

from p33

project leader Prof. André Venter from the Department of Paediatrics and Health Care.

A highlight of the evening was the special “thank you” ceremony, where a few project leaders were applauded for their exceptional contribution to fund-raising activities at the University. Ms Lorraine Botha (Science for the future), Mr. Francois Marais (Career Preparation Programme), Dr Retha du Plessis (Free State Rural Development Partnership Programme), Dr Lean van der Westhuizen (Etsa Phapang), Dr Robbie Dennis (Itjoriseng Project), Prof. Jo van As (Okovango Fish Parasite Project) and Dr Matie Hoffman (Boyden Science Centre) were all honoured for their outstanding efforts and hours of hard work.

New champion for Tswelopele

She is young, dynamic and brims with confidence and enthusiasm. Her name is Suzan Boijane Mshumpela and she is main driving force behind the Tswelopele Loan and Bursary Fund at the University of the Free State. Suzan joined the University in June 2003 as Head: Programme Marketing and Fundraising.

The Tswelopele Loan and Bursary Fund was established to assist students in an innovative and creative way to meet the challenges of the South African educational environment, while at the same time ensuring a pool of educated, well-oriented future employees for the business world.

“The idea of the Tswelopele Bursary and Loan Fund originated from the students themselves. Their vision was that students from disadvantaged backgrounds, who have demonstrated commitment through academic achievement, be provided with financial assistance. At the same time a sustainable bursary and

loan fund would be established to benefit future generations,” Suzan says.

Talent and intelligence abound, but financial resources are in short supply. The total need for bursaries and loans amount to about R15 million annually.

“One of the main challenges for me in raising funds for Tswelopele, is the fact that most companies’ corporate social responsibility budgets do not focus on bursaries, but rather on social issues such as job creation, community upliftment and HIV and Aids. That is why I have decided to focus mainly on individuals who would like to give something back to the university. I have also contacted many small businesses with a view to supporting this worthy fund,” Suzan says.

If you would like to make a contribution to the Fund, please contact Suzan at 051 401 9018 or visit the website of the Corporate Liaison Office at www.uovs.ac.za/support/marketing/E_liaison.php



The driving force behind Tswelopele,
Mrs Suzan Mshumpela.

Trusted friend of the university becomes patron of fund

A trusted friend and loyal supporter of the University of the Free State, Dr Harold Serebro, has had a long involvement with the University of the Free State on various levels. It is only fitting, therefore, that he has been named patron of the Harold and Gillian Serebro Children's Academic Fund.

The Harold and Gillian Serebro Academic Children's Fund was launched to secure funding for financing infant and paediatric services at the academic hospital complex of the UFS.

It is hoped that additional funding will make it possible to acquire the required equipment and provide for the specialised health-care needs of babies and children.

Due to escalating costs and a need to prioritise funds, it is becoming increasingly difficult to equip and maintain health-care facilities. This particularly is true at tertiary level academic institutions, which cater for babies and children with specialised health-care needs relating to complicated, chronic and degenerative diseases.

The Department of Pediatrics and Health Care directly or indirectly serves all the children of central South Africa. It is the only facility of its kind serving more than one million children living in the Free State, Northern Cape, Northwest and Eastern Cape provinces, as well as in Lesotho. Almost 13 000 outpatients are treated annually.

The ability of the hospital complex to provide training and experience to a range of health-care specialists is also under threat by lack of funds and facilities. If the only facility in the region providing postgraduate medical training is unable to provide this high-level care, training of specialist carers will also be compromised.

Prof. André Venter, Head of the Department of Paediatrics and Child Health, is positive about the future.

"Dr Serebro has shown his commitment to this project not only by making a generous donation to the fund, but also by mobilising many of his partners in industry to contribute to the cause. As part of the upgrading of the facilities in our Child and Parent Friendly Initiative, he has secured furniture for the wards and hospital school, including a washing machine, copy machine and promise of subsidised paint, flooring and tiles. Furthermore, there are plans to arrange golf days and possibly a grand ball to procure advanced technical support for the babies and children we care for," said Prof. Venter.



Prof. Leticia Moja (Dean of the Faculty of Health Sciences), Prof. Frederick Fourie (Rector of the UFS), Mrs Gillian Serebro and Dr Harold Serebro.

A momentous occasion when Dr Harold Serebro, signed a cheque for a major donation towards the Academic Children's Fund. With him are, from the left, Prof. André Venter, Head of the Department of Paediatrics and Child Health, and Mrs Catherine Castagno, Development Director: UFS Marketing: Corporate Liaison Office, Johannesburg.



UV projek kry nasionale toekenning

'n Projek van die UV-Stigting is een van drie projekte wat 'n toekenning van R50 000 in Santam se Projekkompetisie vir Tertiële Instansies ontvang het.

Die projek – Vroue in Landbou: Kleinskaalse Eierproduksie vir Verbeterde Voedsel-sekureiteit – is in 2003 onder leiding van prof. Johan Greyling, Hoof van die Departement Vee-, Wild en Weidingkunde aan die UV, begin. Dit konsentreer op kleinsakeontwikkeling, werkskepping en entrepreneurskap.

Die eierprojek se doel was om werklose swart vroue in staat te stel om 'n inkomste te genereer met 'n kleinskaalse hoenderboerdery. Sowat 50 huishoudings in die informele gebiede rondom Thaba 'nchu het aan die projek deelgeneem. Dit het afgeskop met 'n praktiese opleidingskursus by die Etsa Phapang Semi-stedelike Landbou-ontwikkelingsentrum in Mangaung buite Bloemfontein.

Daarna is 24 lêhenne, twee hokke, kos en ander nodige materiaal aan elke huishouding gegee om eiers te produseer en te verkoop om 'n inkomste genereer en die boerdery volhoubaar gemaak. Huishoudings wat aan die projek deelneem, is reeds selfonderhoudend maar hulle word steeds van hulp en raad bedien en van medikasie voorsien wanneer daar probleme is.



Die projek duur drie jaar, waartydens die eierproduserende eenhede onderhou sal word en 50 kleinskaalse boere jaarliks opgelei sal word. Elke eenheid se prestasies sal gemonitor word en, waar belowende groei getoon is, sal addisionele befondsing beskikbaar gestel word. Die voordeel van die projek is dat dit die huishoudings wat aan die projek deelneem, in staat stel om hul lewenskwaliteit te verbeter en hul entrepreneursvaardighede te ontwikkel.

Sowat 36 universiteite en technikons in Suid-Afrika en Namibië het aan die kompetisie deelgeneem. Die ander twee projekte wat ook 'n toekenning van R50 000 elk ontvang het, is van die Kaapse Technikon en die Technikon Vrystaat.

Van links is, voor: Prof Johan Greyling (Hoof: Departement Vee-, Wild- en Weidingkunde aan die UV en projekleier), dr. Luis Schwalbach, me. Khoboso Lehloenya (albei van dieselfde departement), en agter is mnr. Gert Nel (Areabestuurder van Santam in die Vrystaat), en prof. Herman van Schalkwyk (Dekaan: Natuur- en Landbouwetenskappe aan die UV).

Die nuwe Alumnibestuur

Mauritz Randlehoff is as die Kovsky-Alumnibond se voorsitter verkies tydens 2003 se jaarlikse Nasionale Bestuursvergadering. Die ondervoorsitter is Naudé de Klerk. Die ander dagbestuurslede wat verkies en/of herverkies is, is Paul Colditz, Nico du Plessis, Vincent Madlala en Letitia Jacobs. Die vorige voorsitter, Klippies Steenkamp, is tydens die vergadering tot ere-president van die Bond verkies.

Die voorsitter en ondervoorsitter van die Kovsky-Alumnibond, Mauritz Randlehoff en Naudé de Klerk, het in Januarie saam met die UV se alumnispan 'n bosberaad by Golden Gate gehou om oor die Kovsky-Alumnibond in die Eeu feesjaar te besin.

Mauritz sê dat Kovsies se eeu feesjaar beloof om vir oud-studente 'n spesiale geleentheid te wees. "Ons beplanning maak voorsiening daarvoor dat dit werklik 'n feestelike jaar sal wees.

betrokke te raak en hulle insette te lewer. Een van die maklikste maniere om betrokke te raak is om in te skakel by vanjaar se volgelaaiende eeu fees-alumniprogram.

Sien die datums waarop daar reünies geske- duleer is op bladsy 37.

Jy kan ook betrokke raak deur 'n Kovsies Mastercard-kredietkaart aan te skaf.

Dié prestige kaart is uitsluitlik aan Kovsies-gradupeerders beskikbaar, word internasional



Die Alumnibestuur is van links Naudé de Klerk (ondervoorsitter Kovsye-Alumnibond), Gratidue Nkungwana (UV), Jeannette Jansen (UV), dr. Ivan van Rooyen (Direkteur: UV-Bemarking), Suzan Mshumpela (UV), Mauritz Randlehoff (voorsitter Kovsye-Alumnibond).

Die Kovsye-alumni is verspreid oor die hele aardbol en dit is die dagbestuur se wens dat elkeen op die een of ander manier sal deelneem om daardeur die band wat ons met ons Alma Mater het te verstewig."

Hy het 'n beroep op oud-Kovsies gedoen om vanjaar by die Universiteit van die Vrystaat

aanvaar, het 'n bekostigbare kredietlimiet en tot 55 dae rentevrye krediet.

Nog 'n metode om in die eeu feesjaar by die universiteit betrokke te raak, is deur die UV-webwerf (www.uovs.ac.za) gereeld te besoek om jouself van ons eeu fees-aktiwiteite te vergewis.

Die Kaapse reünie en gholfdag is op 7 November 2003 by die Bellville Gholfklub gehou.



Bestuur van die Kaapse Alumnibond wat die geleentheid bygewoon het, was van links mnr. Theo Geustyn (voorsitter), me. Elize Ras (addisionele lid), mnr. Stefan Weyers (ondervoorsitter) en mnr. Danie Roos (tesourier).

Oos-Kaapse oud-Kovsie-reünie

Tydens die Oos-Kaapse oud-Kovsie-reünie wat op 26 September in Port Elizabeth plaasgevind het, was dit duidelik dat dit nie net ouer oud-Kovsies is wat reünies bywoon nie, maar ook jongeres!



Die PE Alumnibond-takbestuur is van links is Dawie Malan (sekretaris), Daan Landman, Thys Swart (voorsitter), Letitia Jacobs (ondervoorsitter).



Van links is Rita Wetsch, Marie Gerber en Delareyna en Johan Dekker.

Belangrike Alumni-datum:

April

- 23 Durban-gholfdag
- 30 Kroonstad-reünie
- 30 Kimberley-reünie

Mei

- 7 Port Elizabeth-reünie
- 21 Pretoria-gholfdag
- 29 Sasolburg 2-reünie

Junie

- 12 Namibië-reünie
- 18 Margate-reünie

Julie

- 2 Londen-reünie
- 3 Lesotho-reünie
- 5-10 Ukkasie-Kunstefees
- 30 Graaff-Reinet-reünie

Augustus

- 7 Beaufort-Wes 2-reünie
- 13 Upington-reünie
- 14 Durban 2-reünie
- 27 Richardsbaai-reünie
- 28 Welkom 2-reünie
- 28 Bloemfontein (Potch-intervarsity)

September

- 10 Boland-reünie
- 18 Port Elizabeth 2-reünie
- 25 Pretoria 2-reünie

Oktober

- 1 Middelburg (Oos-Kaap)-reünie
- 2 Newcastle 2-reünie
- 15 Nasionale Reünie (Dag- en Nasionale Bestuurs-vergadering)
- 16 Nasionale Reünie
- 19 Bloemfontein-gholfdag

November

- 5 Kaapstad-gholfdag
- 19 Polokwane-reünie

Premier, regters op glansgeleentheid vereer

Vyf oud-Kovsies is tydens 'n galadinee in Bloemfontein, wat deur meer as 200 oud-Kovsies bygewoon is, vereer. Premier Winkie Direko, Premier van die Vrystaat, is as Oud-Kovsie van die Jaar aangewys.

Regter-President J.P. Malherbe en oud-regter Appie Steenkamp het albei Cum-Laude-toekennings ontvang vir die bydrae wat hulle tot die regsberoep gelewer het.

Die Alumnibond maak ook van tyd tot tyd toekennings aan mense wat uitsonderlike diens aan die universiteit gelewer het. Mnre. Tat Botha en Kaai Preller, onderskeidelik rugby- en atletiekaftrigter, het dié toekennings vir uitsonderlike diens aan die universiteit ontvang.



Van links is voor: Regter Appie Steenkamp en mev. Maryna Preller, en agter Regterpresident J.P. Malherbe en mnre. Tat Botha.



Premier Winkie Direko en die voorsitter van die Kovsky-Alumni Trust, prof. Nico du Plessis, op die geleentheid verlede jaar waar sy aangewys is as Oud-Kovsky van die Jaar.



Mnr. Billyboy Ramahlene (UV Direkteur: Billikheid en Diversiteit), mev. Jeannette Jansen (UV-Bemarking) en mnre. Tat Botha (UV Sport).

Baie oud-Kovsies het saam gekuier

Meer as 200 oud-Kovsies het die Kovsie-Alumni-saamtrek in Oktober 2003 bygewoon. Die naweek het afgeskop met die Alumnibond se dag- en nasionale bestursvergaderings.

Die gala-dinee, waartydens die toekenningsoorhandig is, was 'n groot hoogtepunt met die gewilde David Fourie wat as gaskunstenaar opgetree het.

Die reünie is die volgendeoggend voortgesit met 'n opwindende kampustoer waartydens die oud-Kovsies vanuit 'n toerbus kon sien hoe die kampus vandag lyk. Daar was 'n besoek aan die nuwe sportsentrum en die toergangers het ook 'n geweldige interessante toer by Farmovs-

Parexl meegemaak. Die Roosmaryndameskoshuis is ook besoek, waarna oud-Kovsies die geleentheid gekry het om die nuwe studentesentrum, Thakaneng-brug, eerstehands te beleef.

Die oud-Kovsies is in die Thakaneng-brug deur die rektor toegespreek en het ook die geleentheid gekry om dit waaroor hulle nog altyd gewonder het self aan hom te vra.

Saterdagmiddag is daar verder saamgekuier, saam gekyk na die Curriebeker-rugbywedstryd tussen die Vodacom Cheetahs en die Sharks, waarna die bittereinders nog tot ounag toe gekuier het. Maak seker dat jy solank nou al vanjaar se reünie-datum, 15 en 16 Oktober, aanteken.

Kovsies on the move contact us

The University of the Free State is celebrating its centenary this year and we would like to celebrate your success and achievements as an alumnus of the university. Please send us an ID-size photo of yourself and include all your contact details:

- Name and Surname
- Address
- Student number
- ID number
- Telephone number (H)
- Telephone number (W)
- Cellphone number
- Residence at UFS
- Diploma/degree obtained
- Interests

The information will be published in the *Bult* and also in our electronic newsletter.

Send all the information to
UFS Marketing
PO Box 2319
Bloemfontein
9300

Tel. +27 (0) 51 401 9018
Fax: +27 (0) 51 430 8370
e-mail:
mshumpbs.stg@mail.uovs.ac.za
or
alumni@mail.uovs.ac.za

Dink nou al aan die Alumni-toekennings

Nominasies vir 2004 se Oud-Kovsie van die Jaar, Cum Laude-toekenning en Alumnibondtoekenning vir uitsonderlike diens aan die universiteit kan, tesame met 'n kort motivering, kan aan Jeannette Jansen, Posbus 2319, Bloemfontein 9300 gestuur word.

Die Oud-Kovsie van die Jaar-toekenning gaan aan 'n oud-Kovsie wat op nasionale of internasionalevlak uitsonderlik presteer het. Die Cum Laude-toekenning gaan aan 'n alumnus wat sukses behaal het op sy/haar beroepsterrein. Die Alumnibond Nasionale Bestuurstoekenning gaan aan 'n persoon wat uitsonderlike diens aan die UV gelewer het, en dié persoon hoef nie noodwendig 'n oud-Kovsie te wees nie.

'Geluk Tant Alma!'

**Aan ons liewe
Tant Alma, 'n groot
klapsoen en beste
wense vir die vol-
gende honderd
jaar! Ja nee, Tant
Alma , ons hoop
nie jy gaan soos die
ou liewe Koningin
Moeder boedel
oorgee, noudat
Tante die honderd-
tal bereik het nie.**

Ja mense, as daar iemand is wat nog nie weet nie, Tant Alma Mater het mos in Januarie 'n honderd geword en soos die klomp Ingelse, gaan ons Kovsies mos ook heeljaar feesvier! Die Koningin Moeder van alle feeste!

Ek wil daarom 'n beroep doen op elke Oud-Kovsie om hierdie jaar êrens een van die eeu feesgeleenthede in Bloemfontein by te woon. Ons noordelike afvalliges, uitgeweken en verlorenes werk hard daaraan om ook op ander plekke fees te vier die jaar, maar die Grote gaan maar daar in Bloem wees, so maak 'n plan!

Ek sien seker elke week ten minste tien of vyftien Oud-Kovsies met my skakelaksies en dit verstrom my altyd hoeveel van hulle nog nie die afgelope paar jaar 'n voet in Tant Alma se Rosestad gesit het nie. Nee mense, gaan maak 'n draai en kyk vir jouself hoe die Kampus en die Stad gegroeï het. Dis nie meer ons tyd toe jy net by Nicky's Nook of by die "roadhouse" daar langs die Fontein kon gaan uiteet het as jou meisie verjaar het nie, glo my! Dis nou 'n groot stad en 'n lekker stad en daar word my vertel Bloem het nou die meeste eetplekke per kapita van enige stad in Suid-Afrika. Daar's amper vir elke ou 'n restaurant!

Maar as daar nou 'n ding is wat my nog meer fassineer as die hoeveelheid eetplekke in Bloemfontein, dan is dit om te sien waar Tant Alma se kinders hulle almal bevind en wat hulle alles aanvang om 'n lewe te maak. Behalwe vir al die gewone beroepe waar die Kovsies ons land dra deur die maer jare, verwonder ek my elke week aan een of ander ou se beroepskeuse. En aan hoeveel nie doen wat hulle geswot het nie.

En so sien ek Kovsies wat vlieëniers van groot lugrederye is nadat hulle BA gepluk het, advokate wat mediese fondse begin het, 'n wiskundige by die WNNR wat in sy spaar tyd die rekenaartegnologie ontwikkel het waarmee die hele wêreld se krieketgeesdriftiges kan sien



of die bal Boeta Dippenaar se beenskut of kolf geraak het of nie (hy't hom so gemaak dat hy rôrig hard moet tref voor hy wys as dit 'n Kovsie is), die bestuurders van die Gryshondbusse en Kovsies wat hondekos, selfoontorings, motorsitplekke, opslaantoilette, sonkragligte en kernreaktors maak.

En weet jy hoe baie leer jy by 'n ou as jy vir hom vra "vertel my van jou werk". Of hy nou 'n kardio-vaskulêre tegnoloog is (dis nou 'n hart- "mechanic"), soos prof. Johannes Odendaal 'n professor is in hondesielkunde, soos 'n oud-houtwerker onderwyser vierhonderd doodskiste per maand maak of soos die jong oud-Kovsie bio-chemikus wat Tshwane se rriolafdeling op die regte pad hou in dae wat ons maar sukkel om kop bo te hou in die ou Pretoria!

En ek stap nou die dag by 'n Kovsie-kardioloog se kantoor in en ek sit ek kyk hoe mooi die aanvallige blonde vrou met haar pasiënte werk. En ek dog by myself : "Myself, mag een Kovsie so mooi EN so slim wees?!"

Ja, en dan praat ek nie eers van al die gewone beroepe waarin Tant Alma se kinders die volk dra nie. Ek sê julle, die hele volk is Tant Alma ewige dank verskuldig vir wat sy die afgelope 100 jaar vir haar kinders gedoen het en wat haar kinders nou daarom weer vir al ons land se piepols kan doen.

Daarom, weer eens geluk Tante, ons is bitter lief vir jou en baie trots om jou vir 'n tante te kan hê! Geniet die paartie die jaar en mag al jou kinders kom geluk sê!

Trust groei stewig

Goue donateurs

15. Mnr Gerhard Venter, Opleidingsbestuurder, Pierre van Ryneveld	Inligtingstegnoloog, Garsfontein-Oos	660. Mnr Theuns Rossouw, Inligtingstegnologie Spesialis, Krugersdorp	670. Prof André Pelser, Dosent, Bloemfontein
45. Mnr Nardus Messerschmidt, Bourekenaar, Craighall	184. Dr Ronel J van Vuuren, Hoof: Tersiêre Inrigting, Lukasrand	661. Dr Stéfan Roux, Mediese dokter, Eldoraigne	671. Adv Danie Pretorius, Advokaat, Bloemfontein
76. Mnr Arnold Otto, Bemarkingsbestuurder, Bronkhorstspruit	193. Mnr Derick Blaauw, Lektor, Westgate	662. Me Liezel Labuschagne, Verpleegkundige, Wierdapark	672. Mnr Jannie Redelinghuys, Argitek, Pretoria
84. Mnr James Wright, Finansiële Makelaar, Alberton	200. Dr Pieter de Villiers, Besturende Direkteur, Rayton	663. Mnr Danie du Toit, Bestuurskonsultant, Magalieskruijn	673. Mnr WG Olivier, Landbou- Ekonoom, Faerie Glen
126. Mnr Craig Moir, Kardio- vasculêre Refusie-tegnoloog, Newlands	201. Mnr Niël vd Watt, Graanbemarker, Delmas	664. Mnr Jan-Hendrik du Toit, Prokureur, Brooklyn	674. Mnr Johan Kotze, Spekulant, Linden
131. Mnr Hendrik Louw, Bankampenaar, Birch Acres	235. Me Anita le Roux, Argitek, Menlopark	665. Mnr Stephan van Zyl, Regsadviseur, Centurion	675. Me Yolanda vd Berg (Née Nel), Mediese verteenwoordiger, Eldoraigne
139. Mnr Dawie Beyers, Projekbestuurder, Centurion	236. Mnr Dana Kellerman, Navorser, Pierre van Ryneveld	666. Me Louwna Pretorius, Arbeidsgesondheidskonsultant, Garsfontein-Oos	676. Mnr FJ (Erick) Badenhorst, Prokureur, Pietermaritzburg
164. Mnr Andrew Soden, Verkoopskonsultant, Bloemfontein	240. Mnr Johan Böning, Adviseur, Arcadia	667. Mnr Chris Liebenberg, Direkteur:Finansies, UV, Bloemfontein	677. Dr Lynelle van Emmens (Née Lacock), Navorser, Moreletapark
177. Mnr Archie Buys, Verkoopskonsultant, Bloemfontein	242. Mnr David Fouché, Landboukundige, Delmas	668. Mnr Jaco Viljoen, Bankbestuurder, Linden	678. Dr Russel du Toit, Mediese dok- ter, Kimberley
179. Mnr Arno Wagner,	268. Mnr Johann Fourie, Satelliët- Kommunikasie, Pretoria	669. Mnr Leon Weenink, Glenstantia	
	277. Mnr Thabo Mans, Aankope- Bestuurder, Centurion		
	322. Prof Bart Smit, Dosent, Glenstantia		

Ere-stigtersdonateurs

Stigtersdonateurs wat met hulle ondersteuning die Kovsie-Alumni Trust tot groot hoogtes help dra het, het spontaan hulle verdere ondersteuning aan die Trust gegee nadat hulle finansiële verpligtinge afgehandel is. Hier volg 'n lys van bestaande Stigtersdonateurs wat weer 'n verbintenis van R5 000 tot die Trust gemaak het se name om dan te kwalifiseer as Ere-Stigtersdonateurs.

Die voorstander van die Kovsie-Alumni Trust, prof Nico du Plessis, nooi alle reeds bestaande Stigtersdonateurs uit om ook op dié wyse die Trust verder te ondersteun om of 'n Ere-

Stigtersdonateur of 'n goue donateur te word:

64. Mnr Danie le Grange,
Skoolhoof, Bloemfontein

Prestige donateurs

64. Mnr Kobus Venter, Projekbestuur, Wierdapark	686. Dr Jan Diederik Kruger, Mediese dokter, Rustenburg	697. Mnr Cobus Aucamp, Sakeman/Boer, Vryheid	709. Mnr Lou Campher, Besturende Direkteur, Alberton
122. Mnr Christo Swarts, Sakeman, Pretoria	687. Mnr Morné Morrison, Bourekenaar, Wilgeheuwel	698. Mnr Theunis Steenkamp, Sakeman, Richardsbaai	710. Mnr Cassie Pelser, Stadsbeplanner, Krugersdorp- Noord
154. Mnr JC Swanepoel, Besigheidsanalis, Lynnwood	688. Mnr Johann Neethling, Boer, Smithfield	699. Mnr Donald Fischer, Argitek, Richardsbaai	711. Mnr Neels Lubbe, Entrepreneur/Sakeman, Bloemfontein
180. Dr Fred Vermeulen, Mediese dokter, Dalview	689. Mnr Johan Wolmarans, Gehalte-Adviseur, Boksburg	700. Mnr Hendrik Coetze, Rekenmeester, Faerie Glen	712. Mnr Callie de Jager, Stadsklerk, Hennenman
196. Mnr Koos Nel, Bemarkingsbestuurder, Pretoria	690. Dr Leon van Zyl, Predikant, Centurion	701. Mnr Hermanus Bosch, Finansiële Adviseur, Bloemfontein	713. Mnr Stefan Scheukogel, Onderwyser, Odendaalsrus
218. Mnr Eon de Vos, Vlieënier, Fairland	691. Mnr Callie Human, Rekeningbestuurder, Lynnwoodrif	702. Prof Hermie van Zyl, Dekaan: Fak. Teologie, Bloemfontein	714. Mnr Kobus Potgieter, Makelaar, Bethlehem
238. Mnr Chris Venter, Kabinetmaker, Tierpoort	692. Mnr Johan Prinsloo, Landboukundige Bestuurder, Derdepoortpark	703. Mnr Hugo van Niekerk, Best. Eiendomsontwikkeling, Johannesburg	715. Dr Sally Bairstow (Née Earl), Bestralingssonkoloog, Sunnyside
266. Dr Thys Swart, Mediese dokter, Algoapark	693. Mnr Roy Kapp, Prokureur, Noordheuwel	704. Mnr Anton van Wyk, Skoolhoof, Bloemfontein	716. Mnr Christiaan Venter, Graanbemarker, Mooikloof
272. Prof Kobus de Wet, Dosent, Bloemfontein	694. Mnr Mike Welman, Direkteur: Opleiding & Ontwikkeling, Hennopsmeier	705. Prof Anton Otto, Mediese dokter, Bloemfontein	717. Mnr Len Kok, Pastoor, Jeffreysbaai
303. Mnr Johan Otto, Bemarker: UV, Bloemfontein	695. Reger Ernst Lichtenberg, Afgetroede Regeerpresident, Bloemfontein	706. Dr Jackie Badenhorst, Lektor, Pretoria	719. Prof Koos Bekker, Dosent: UV, Bloemfontein
425. Mnr Ockie Joubert, Bankier, Kimberley	696. Mnr Theuns Vlotman, Skoolhoof, Brandfort	707. Mnr Jan Wiese, Senior Bestuurder, Faerie Glen	720. Me Sandra du Toit, Prokureur, Sandton
490. Me Lienus vd Watt, Onderwyseres, Port Elizabeth		708. Mnr Leon Ehlers, Makelaar, Kanoneiland	
550. Mnr Johan Coetzee, Rekenmeester, Totiusdal			

Platinum donateurs

5. Mnr Chris Wiggett, Diensbestuurder, Randparkrif	85. Sunnyside	90. Rekenmeester, Delmas
80. Mnr Dries Prinsloo, Bourekenaar, Menlopark	85. Mnr Pieter Keeve, Bestuurder, Monumentpark	90. Mnr Fanie vd Walt, Algemene Bestuurder, Cresta
81. Mr Wim Hancke, Bankampenaar, Linden	86. Mnr Rassie Erasmus, Rugbyafritter, Bloemfontein	91. Mnr Hennie Hayes, Verkoopsdirekteur, Centurion
82. Mnr Sam Louw, Sakeman, Bloemfontein	87. Mnr Norman Janse van Rensburg, Finansiële Bestuurder, Johannesburg	92. Mnr Basie Viviers, Sakeman, Lynnwood
83. Dr WL Wessels, Mediese dokter, Empangeni	88. Mnr Kobus van Zyl, Verkoopsbestuurder, Centurion	93. Mnr Kobus Erasmus, Landdros, Theunissen
84. Mnr Jaap Venter, Prokureur,	89. Mnr Eugene van Niekerk,	

Diamant donateurs

4. Dr Joseph Krouse, Oftalmoloog, Alberton
41. Dr Jacques Bronkhorst, Bedryfsgenesheer, Empangeni
42. Mnr Baksteen van Huyssteen, Prokureur, Pretoria

UV Eeufeesviering

lui die toekoms in.

Hierdie jare verteenwoordig 'n mylpaal in die geskiedenis van die Universiteit van die Vrystaat - dié kampus se 100-jarige bestaan. Eenhonderd jaar gelede, op 28 Januarie 1904, is die Universiteit as 'n instelling vir hoër onderwys gevestig. Gebore uit die armoede van die Vrystaatse gemeenskap, het sterk, onafhanklike denke, drome en visie meegewerk om die UV as een van Suid-Afrika se voorste universiteite te vestig.

Ons sal altyd daar wees om aan al die mense van die Vrystaat en Suid-Afrika die volgende te bied:

- Innoverende, hoëgehalte-onderrig
- Internasionaal erkende navorsing
- Baanbreker-samelewingsdiens
- Uitstekende sport en kultuur
- Moderne fasiliteite en geriewe
- 'n Leier in hoëronderwystransformasie
- 'n Plek van diversiteit en verdraagsaamheid
- 'n Plek van groei en stabiliteit

Aan die begin van sy volgende 100 jaar wil die UV hom herverbind tot die ideale van 'n nie-rassige, nie-seksistiese, multikulturele, veeltalige universiteit wat gebou is op 'n grondslag van kritiese denke, uitnemendheid, innovering en geregtigheid.

Alumni word genooi om hul kontakbesonderhede te stuur aan:
alumni@mail.uovs.ac.za of te faks na (051) 401 3758.

Universiteit van die **Vrystaat**
wees net jouself

